

**DIE PROVINSIE PWV
THE PROVINCE OF PWV**

Buitengewone Provinsiale Koerant Provincial Gazette Extraordinary

Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**
Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**

Vol. 237

PRETORIA, 22 DECEMBER 1994

No. 5076

PROKLAMASIE

PROKLAMASIE

No. 48 (Premiers-), 1994

**OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)**

VERKIESINGSREGULASIES

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 9 (2) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hiermee die verkiesingsregulasies in die Bylae hiervan uiteengesit uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Twee-en-twintigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

T. M. G. SEXWALE,

Premier-in-Uitvoerende Raad.



BYLAE**INHOUDSOPGAWE****VERKIESINGSREGULASIES VIR PLAASLIKE REGERING**

REGULASIE	ITEM
	HOOFSTUK 1
1	WOORDOMSKRYWING
	HOOFSTUK 2
	KWALIFIKASIE VAN KIESERS
2	Stemreg
	HOOFSTUK 3
	KIESERSLYS
3	Saamstel van lys
4	Eise en Besware
5	Instelling van Hersieningshof
6	Bevoegdhede, Werksaamhede en Pligte van Hersieningshof
7	Sertifisering en ondertekening van kieserslys
8	Hersiening van Kieserslyste
9	Weglating
10	Kieserslys - uitgawes
11	Verteenwoordiging deur Plaaslike Regeringsliggaam
12	Oortredings
	HOOFSTUK 4
	SETELS EN WYKE
13	Inleiding
14	Getal setels
15	Wyke
16	Toedeling van wyke
17	Kriteria om wyke af te baken

REGULASIE	ITEM
	HOOFSTUK 5
	KWALIFIKASIES: STEMMING EN NOMINASIES
18	Stemming volgens Wyke
19	Stemming volgens Proporsionele Verteenwoordiging
20	Stembriewe
21	Kwalifikasies vir Nominasie en Verkiesing
	HOOFSTUK 6
	REGISTRASIE EN NOMINASIE
22	Verkiesing deur Proporsionele Verteenwoordiging en deur Wyke
23	Kennisgewing ten opsigte van Nominasies en Registrasie
24	Registrasie van Partye: Verkiesing volgens Proporsionele Verteenwoordiging
25	Verwerping van Aansoeke
27	Publikasie van lyste
29	Nominasie vir Wyksverkiesings
	HOOFSTUK 7
	AANSTELLING, MAGTE EN PLIGTE VAN VERKIESINGSBEAMPTES
30	Aanstelling en Verantwoordelikhede
31	Verkiesingsbeamptes
33	Verkiesingsbeamptes moet onpartydig wees
34	Agente en bodes
35	Verklarings wat Verband hou met Geheimhouding

REGULASIE	ITEM
	HOOFSTUK 8
	VOORBEREIDING VIR VERKIESING
36	Druk van Stembriewe vir Wyke
36(4)	Druk van Stembriewe vir Proporsionele Verteenwoordiging
37	Stembusse
38	Amptelike Merk en Instrumente
39	Bepaling van Tyd en Plek vir Telling en van Plek vir Aflewering van Verkiesingsmateriaal
40	Voorsiening van Verkiesingsmateriaal
	HOOFSTUK 9
	BEHEER, VOORBEREIDING EN OPENING VAN STEMLOKALE
41	Stemgebiede
42	Persone wat Stemlokale mag betree
43	Toerusting en Meubels vir Stemlokale
44	Rangskikking Binne 'n Stemlokaal
45	Ure van stemming en Aankoms by Stemlokaal
46	Plakkaat buite Stemlokaal
47	Voorbereiding van Stemkompartemente
48	Seël van Stembusse
49	Opening van Stemlokale en Amptelike Merk- koeverte
	HOOFSTUK 10
	HOU VAN STEMMING
50	Periodieke Inspeksie van Stemburo en Stemkompartemente
51	Toelating tot Stemkompartemente
52	Inmenging met Kiesers
53	Vrae aan kiesers

REGULASIE	ITEM
54	Uitreiking van Stembriewe
55	Bystand aan kiesers deur Verkiesingsbeamptes
56	Merk en Verwydering van Stembriewe
57	Inspeksie van Stembriewe en Stembriewe sonder Amptelike Merk
58	Ongeletterde, Blinde of Gestremde kiesers
59	Beswaar teen kieser
60	Bedorwe stembriewe
	HOOFSTUK 11
	AFSLUITING VAN STEMMERY EN DIE OPMAAK EN AFLEWERING VAN VERKIESINGSMATERIAAL
61	Afsluiting van Stemmer
62	Opmaak van Verkiesingsmateriaal
63	Aflewering van Verkiesingsmateriaal aan Stembeampte
	HOOFSTUK 12
	TEL VAN STEMME EN AANKONDIGING VAN UITSLAE
64	Beheer van Plek vir die Tel van Stemme
65	Vereistes vir die Tel van Stemme
66	Tel
67	Pligte en Funksies van Telbeamptes
68	Kontrole van Verkiesingsmateriaal
69	Prosedure by Tel van Stemme
70	Tel van Stemme
71	Kiesbeampte besluit oor Stembriewe wat Opsygesit is
72	Afsluiting van Stemtelling

REGULASIE	ITEM
	HOOFSTUK 13
	VASSTELLING VAN DIE UITSLAG
	STEMMING VOLGENS WYKE
73	Aankondiging van die uitslag: Wyke
	Stemming volgens proporsionele verteenwoordiging Plaaslike Oorgangsraad of Metropolitaanse Oorgangsubstruktuur
74	Vasstelling van Kwota
75	Toekenning van Setels
	Metropolitaanse Oorgangsraad Bepaling van stemming en die kwota
77	Oorsending en Ontvangs van Teltotale
78	Vasstelling van die Kwota
79	Aanvulling van Lys en Vakatures
80	Ampsaanvaarding en Ampstermyn
	Adjunkkiesbeampte
81	Funksies en oordrag van Uitslae en Totale
	HOOFSTUK 14
82	Die vul van verkose en genomineerde Setels
	HOOFSTUK 15
	NOMINASIES UIT SUBSTRUKTURE VIR METROPOLITAANSE OORGANGSRAAD
84	Persentasie en Kwotas
	HOOFSTUK 16
	ALGEMEEN EN OORTREDINGS/MISSTAPPE
89	Opening of Inspeksie van Verkiesingsmateriaal
90	Verkiesingskomitee
91	Aanplakbiljette en Plakkers

REGULASIE	ITEM
92	Skadeloosstelling
93	Gelde betaalbaar aan Verkiesingsbeamptes
94	Vorms, Etiketie en Koeverte
95	Bevoegdheid om by Versuim op te Tree
	Bevoegdhede van die Hof
	Geldigverklaring
98	Kieser mag nie versoek word om te openbaar hoe hy gestem het nie
99	Geheimhouding
100	Verbod op sekere Politieke Bedrywighe Gedurende Sekere Tydperk Voor en Na die Verkiesingstydperk
	HOOFSTUK 17
	MISDRYWE EN STRAWWE
101	Inmenging met Verkiesingsprosedure
102	Skending van geheimhouding
103	Onbehoorlike beïnvloeding
104	Omkopery
105	Uitgee vir ander
106	Verbod op bemoeiing met stemmateriaal en verkiesingsmateriaal
107	Verbod op ongemagtigde druk, vervaardiging en verskaffing van stemmateriaal en verkiesingsmateriaal
108	Verbod op Bemoeiing met vrye politieke werwing en veldtogvoering
109	Verbod op doen van opsetlik vals verklarings of publisering van vals inligting
110	Ander oortredings
111	Strawwe
112	Diverse Oortredings
113	Oortredings gerapporteer aan die staatsaanklaer
114	Toepassing van Regulasies
	Vorms ER1 tot ER35
	Bylae1 — Verspreiding van setels

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING

- 1 (1) In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken;
- (i) "adres", 'n wyse van identifikasie van 'n plek wat presies voldoende is om 'n persoon soos bedoel in regulasie 2, en wat gewoonlik in die regsgebied van 'n oorgangsraad woonagtig is of regtens aanspreeklik is vir die betaling van eiendomsbelasting, huurgeld, dienstegeld of heffings aan daardie oorgangsraad, op 'n kieserslys te registreer, ten einde sy of haar stem by 'n stemburo in 'n wyk of gedeelte van 'n wyk geleë, uit te oefen;
 - (ii) "adverteer", publiseer;
 - (iii) "amptelike taal", enige taal wat kragtens artikel 3(5) van die Grondwet tot amptelike taal verklaar is;
 - (iv) "bestel", met betrekking tot 'n kennisgewing of ander kommunikasie gerig aan 'n persoon;
 - (a) aflewering per hand aan hom persoonlik; of
 - (b) aflewering by sy jongste bekende woonplek, besigheid of beroep aan 'n persoon wat blykbaar 18 jaar of ouer is en woonagtig of in diens is of by daardie plek sake doen; of
 - (c) aan hom of haar by sy jongste bekende woonplek, besigheid of beroep per voorafbetaalde geregistreerde of aangetekende pos, gepos;
- en het "beteken" dieselfde betekenis;
- (v) "dag", 'n tydperk van vier en twintig opeenvolgende ure wat om middemag begin en 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag soos bedoel in die Wet op Openbare Feesdae soos bedoel in die Wet op Openbare Feesdae, 1952 (Wet 5 van 1952), insluit;

- (vi) "gewoonlik woonagtig", met betrekking tot enige persoon, die tuiste of plek waar hy of sy gewoonlik woon en waarheen hy of sy na enige tydperk van tydelike afwesigheid gereeld terugkeer;
- (vii) "Grondwet", die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993);
- (viii) "hoof-uitvoerende beamppte", die hoof-uitvoerende beamppte of waarnemende hoof-uitvoerende beamppte van 'n oorgangsraad ongeag die benaming van die pos wat daardie beamppte beklee;
- (ix) "identiteitsdokument",
 - (a) 'n identiteitsdokument of tydelike identiteitsertifikaat kragtens die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986) of enige ander toepaslike wet van die Republiek, na gelang van die geval uitgereik;
 - (b) 'n bewysboek kragtens die herroepe Wet op Swartes (Afskaffing van Passe en Koördinerings van Dokumente), 1952 (Wet 67 van 1952) uitgereik;
 - (c) 'n identiteitsdokument bedoel by artikel 13 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950); of
 - (d) 'n geldige reisdokument kragtens enige wet van die Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei uitgereik.
 - (e) 'n geldige lewensboek deur die voormalige republiek van:
 - (i) Ciskei, in terme van Wet 15 van 1981; of
 - (ii) Transkei, in terme van Wet 24 van 1976; of
 - (iii) Bophuthatswana, in terme van Wet 12 van 1978, uitgereik.
- (x) "identiteitsnommer", die amptelike reeksnommer op 'n identiteitsdokument aangebring;
- (xi) "kandidaat", enige persoon soos bedoel by regulasie 26(2) of 29(4) wie se nominasie aanvaar is en ten opsigte van wie se party of met betrekking tot wie 'n stemming gehou sal word;
- (xii) "kiesbeamppte", die persoon kragtens regulasie 30(1) aangestel en sluit enige verkiesingsbeamppte wat wettig in sy plek optree, in;
- (xiii) "kieserslysbeamppte", die persoon kragtens regulasie 3(2) aangestel en sluit enige persoon wat wettig in sy of haar plek optree in;

- (xiv) "metropolitaanse kiesbeampste", die persoon kragtens regulasie 30(1) as kiesbeampste vir 'n metropolitaanse oorgangsraad aangestel en sluit enige verkiesingsbeampste wat wettig namens hom of haar optree, in;
- (xv) "metropolitaanse oorgangsubstruktuur", 'n metropolitaanse oorgangstruktuur soos bedoel by artikel 1(vi) van die Wet;
- (xvi) "metropolitaanse oorgangsraad", 'n metropolitaanse oorgangsraad soos omskryf by artikel 1(v) van die Wet;
- (xvii) "naam", met betrekking tot 'n kieserslys, 'n van gevolg deur 'n naam of name gewoonlik daaraan voorafgaande;
- (xviii) "nominasiedag", die dag vir die benoeming van kandidate en partye ingevolge regulasie 23(1)(b);
- (xix) "oorgangsraad", 'n plaaslike oorgangsraad, metropolitaanse oorgangsubstruktuur of metropolitaanse oorgangsraad;
- (xx) "party", enige plaaslike organisasie, liggaam of vrywillige vereniging met die oogmerke en doelstellings wat, onder andere, toepaslik is op plaaslike regeringsake en 'n politieke party wat kragtens Hoofstuk IV van die Kieswet, 1993 (Wet 202 van 1993) geregistreer is, insluit;
- (xxi) "plaaslik", met betrekking tot 'n party, 'n party wat binne die regsgebied van die oorgangsraad 'n kantoor bedryf of 'n adres het;
- (xxii) "plaaslike oorgangsraad", 'n plaaslike oorgangsraad soos omskryf by artikel 1(xi) van die Wet;
- (xxiii) "Premier", die Premier soos bedoel by Artikel 144 (1) van die Grondwet, en sluit die bevoegde gesag deur hom of haar vir doeleindes van die administrasie van die Wet aangewys, in;
- (xxiv) "publiseer", 'n publikasie in elke amptelike taal van die Provinsie in een of meer koerante wat sodanige taal substansieel gebruik of tensy anders blyk, in een of meer koerante wat algemeen binne die gebied van die oorgangsraad sirkuleer;

- (xxv) "raad", die raad van 'n oorgangsraad;
 - (xxvi) "stemburo", enige plek soos bedoel by regulasie 41(1)(a);
 - (xxvii) "verkiesing", 'n verkiesing soos beoog by artikel 9(1) van die Wet;
 - (xxviii) "verkiesingsbeampte", die metropolitaanse kiesbeampte, die kiesbeampte en enige beampte soos bedoel by regulasie 31;
 - (xxix) "verkiesingsmateriaal", enige vorm, verklaring of item soos bedoel by regulasie 40;
 - (xxx) "verkiesingstydperk", die tydperk vanaf nominasiedag totdat die stemburo's sluit; en
 - (xxxi) "Wet", die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993).
- (2) Enige term of uitdrukking in hierdie regulasies gebruik wat nie hierin omskryf is nie, sal die betekenis dra wat deur die Wet aan daardie term of uitdrukking geheg is.

HOOFSTUK 2

KWALIFIKASIE VAN KIESERS

Stemreg

- 2 (1) Enige natuurlike persoon wat;
- (a) (i) 'n Suid-Afrikaanse burger is; of
 - (ii) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie maar wat kragtens 'n wet van die Parlement die reg tot stemreg verleen is; en
 - (b) 18 jaar oud of ouer is; en
 - (c) gewoonlik woonagtig is binne die regsgebied van 'n oorgangsraad of kragtens wet aanspreeklik is vir die betaal van eiendomsbelasting, huur, dienstegeld of heffings aan die betrokke oorgangsraad,

sal geregtig wees om op die kieserslys ingesluit te word van daardie oorgangsraad en sal geregtig wees om in 'n verkiesing vir lede van 'n oorgangsraad te stem: Met dien verstande dat enige persoon kragtens hierdie regulasies geregtig is om een stem vir so 'n oorgangsraad uit te bring.

- (2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), sal geen persoon daarop geregtig wees om ingesluit te word op die kieserslys van 'n oorgangsraad of daarop geregtig wees om te stem in 'n verkiesing vir lede van 'n oorgangsraad nie, indien hy of sy;

- (a) aan 'n hofbevel wat hom swaksinnig of geestelik versteurd of ongesteld verklaar onderworpe is;
- (b) as 'n geestesongestelde kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), of enige ander toepaslike wet van die Republiek, na gelang van die geval aangehou word;
- (c) kragtens die Wet op Voorkoming en Behandeling van Dwelmafhanglikheid, 1992 (Wet 20 van 1992), of enige ander toepaslike wet van die Republiek, na gelang van die geval aangehou word; of
- (d) in 'n gevangenis op grond van 'n skuldigbevinding en vonnis tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete ten opsigte van enige van die volgende misdrywe waarby geweld of oneerlikheid betrokke is, ongeag enige ander straf ten opsigte van 'n misdryf nie hieronder vermeld nie, gelyklopend met die eersgenoemde uitdien, aangehou word;
 - (i) moord, strafbare manslag, verkragting, onsedelike aanranding, kinderroof, aanranding met die opset om ernstig te beseer, roof, kwaadwillige saakbeskadiging en inbraak by enige perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg; of
 - (ii) enige poging om enige misdryf te pleeg soos bedoel in subparagraaf (i).

- (3) Vir doeleindes van subregulasie (1)(c) beteken die woord;

- (a) "aanspreeklik", aanspreeklik met betrekking tot 'n adres binne die regsgebied van 'n oorgangsraad kragtens artikel 8(2) van die Wet afgebaken en word enige groter regsgebied kragtens enige ander wet ingestel, uitgesluit; en
 - (b) "regsgebied", die regsgebied kragtens artikel 8(2) van die Wet afgebaken.
- (4) Die onus om as kieser geregistreer te word, rus op die betrokke kieser.

HOOFSTUK 3

KIESERSLYS

Saamstel van Lys

- 3
- (1) Elke oorgangsraad sal nie later nie as 'n datum of datums wat deur die Premier by kennisgewing in die Provinsiale Koerant afgekondig is, publiseer dat hy van voorneme is om 'n kieserslys saam te stel en enige natuurlike persoon wat daarop geregtig is om in sodanige kieserlys ingesluit te word, oproep om binne 'n tydperk van nie minder nie as negentig dae vanaf bogenoemde datum of datums as kieser geregistreer te word: Met dien verstande dat met die goedkeuring van of in opdrag van die Premier deur publikasie van 'n verdere kennisgewing sodanige tydperk verleng sal word.
 - (2) Elke oorgangsraad moet die volgende aanstel of aanwys :
 - (a) 'n kieserslysbeampte in sy diens wat namens hom verantwoordelik sal wees vir die opstel van 'n kieserslys asook
 - (b) sodanige werknemers of ander persoon of persone wat nodig mag wees om met die opstel daarvan behulpsaam te wees teen sodanige vergoeding wat hy mag bepaal.
 - (3) 'n Persoon wat aansoek doen om as kieser geregistreer te word sal 'n eis in ooreenstemming met vorm ER1 indien.

- (4) Enige persoon wat eis om as 'n kieser geregistreer te word, moet die inligting in vorm ER1 verlang, verskaf en indien die kieserslysbeampte tevrede is dat sodanige persoon ingevolge regulasie 2 kwalifiseer om as kieser te registreer, word sodanige persoon se naam en besonderhede op die kieserslys ingesluit.
- (5) (a) By verstryking van die tydperk bedoel in subregulasie (1), sal elke oorgangsraad 'n lys voorberei met die name van gekwalifiseerde persone om as kiesers vir die verkiesing geregistreer te word en sodanige lys moet :
- (i) 'n reeksnommer uniek ten opsigte van elke naam bevat;
 - (ii) die identiteitsnommer van elke persoon wat aanspraak maak op registrasie, bevat;
 - (iii) in alfabetiese volgorde volgens vanne wees;
 - (iv) die adres waarmee die aanspraak verband hou vermeld; en
 - (v) die gronde vir kwalifikasie of aanspraak aandui..
- (b) Elke bladsy van 'n kieserslys sal opeenvolgend genommer en die naam van die oorgangsraad en die jaar waarmee dit verband hou, aandui; en waar sodanige lys in dele verdeel is, moet elke bladsy van sodanige deel ook die wyk en stemburo waarmee dit verband hou, aandui.
- (6) (a) 'n Kieserslys soos gesertifiseer en goedgekeur vir 'n plaaslike oorgangsraad of vir 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal verdeel word in dele volgens die wyke waarin die regsgebied van sodanige plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur verdeel is.
- (b) Elke wyk sal, tensy skriftelike magtiging deur die Premier tot die teendeel verleen is, in dele in ooreenstemming met die voorskrifte vervat in regulasie 41(3)(c) verdeel word en die kieserslys van enige wyk aldus verdeel, sal in sodanige dele verdeel word.
- (c) 'n Kieserslys soos gesertifiseer en goedgekeur vir 'n metropolitaanse oorgangsraad sal verdeel word in dele in ooreenstemming met die regsgebied van elke metropolitaanse oorgangsubstruktuur binne die metropolitaanse oorgangsraadgebied, en daarna verder in dele wat presies ooreenstem met die wyke en dele van sodanige wyke, indien enige, vir elke sodanige metropolitaanse oorgangsubstruktuur.

- (d) 'n Kieserslys in dele verdeel, moet aan die vereistes van subregulasie (5)(a) ten opsigte van elke sodanige deel voldoen.
 - (e) 'n Kieser sal in 'n wyk of deel daarvan by die stemburo waar sy naam op die kieserslys vir sodanige wyk of deel daarvan verskyn, stem.
- (7) Wanneer enige eiser;
- (a) kragtens wet aanspreeklik is vir die betaling van belasting, huur, dienstegeld of heffings ten opsigte van meer as een adres; of
 - (b) aldus aanspreeklik is ten opsigte van 'n adres behalwe die plek waar hy of sy gewoonlik woonagtig is; of
 - (c) gewoonlik op meer as een plek woonagtig is
- binne die regsgebied van dieselfde oorgangsraad, sal sodanige eiser daarop geregtig wees om slegs een keer opgeneem te word op die kieserslys van sodanige oorgangsraad en sal hy of sy tydens eis om registrasie, een sodanige adres identifiseer as die plek vir opname, by gebreke waaraan die verkiesingslysbeampte sodanige identifikasie sal maak.
- (8) (a) Die kieserslysbeampte mag die name en besonderhede van enige persoon ten opsigte van wie 'n eis op vorm ER1 nie gemaak of ontvang is nie, maar wie se besonderhede die benodigde inligting vir subregulasie 5(a) verskaf, op grond waarvan die kieserslysbeampte oortuig is dat sodanige persoon ingevolge regulasie 2 kwalifiseer om as kieser geregistreer te word, op die kieserslys insluit.
- (b) 'n Eis op 'n vorm wesenslik in ooreenstemming met vorm ER1 ontvang voor die datum of datums kragtens subregulasie (1) afgekondig, is 'n geldige eis en sal deur die kieserslysbeampte in berekening gebring word.
- (9) Die kieserslysbeampte sal gedurende die tydperk bedoel in regulasie 3(1), verseker dat;
- (a) 'n voldoende voorraad vorms ER1 en ER2, en een of meer prominente plekke of veilige bewaarplekke vir die aflewering van eise per hand, duidelik

geïdentifiseer, beskikbaar en te alle tye gedurende normale kantoorure toeganklik vir die publiek, by elke kantoor van die betrokke oorgangsraad is; en

- (b) 'n redelike hoeveelheid vorms ER1 op versoek, aan 'n party of persoon wat die kieserslysbeampte oortuig van 'n *bona fide* bedoeling om die indiening van eise, kosteloos vir enige eiser, te werf of te vergemaklik, beskikbaar gestel word.
- (10) Niks hierin vervat, sal vertolk word as vereiste dat enige persoon fisies of persoonlik aanwesig moet wees op enige plek of kantoor ten einde sy of haar eis om registrasie as kieser in te dien, of as verbod op enige persoon om 'n eis per gewone pos aan die kieserslysbeampte by die adres op vorm ER1 vir die toepaslike oorgangsraad gespesifiseer te pos nie.
- (11) Waar geen adres bestaan nie, sal die oorgangsraad stappe neem ter vasstelling of identifikasie van 'n adres vir elke perseel binne sy jurisdiksie vir die doeleindes van eise en die voorbereiding van die kieserslys.
- (12) (a) Vir doeleindes van regulasie 3(1) sal die datum deur die Premier aangekondig, nie minder as agt en twintig dae na die uitvaardiging van hierdie regulasie wees nie.
- (b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a), sal die datum deur die Premier aangekondig nie later as 27 Januarie 1995 wees nie.

Eise en Besware

- 4 (1) Die kieserslysbeampte publiseer 'n kennisgewing;
 - (a) wat vermeld dat 'n kopie van sodanige lys gedurende gewone kantoorure ter insae lê by die kantoor of kantore van die oorgangsraad en by enige ander plek of plekke deur die kieserslysbeampte bepaal, gedurende die ure vanaf 06:00 tot 22:00 daaglik, Saterdag, Sondag en enige openbare feesdae ingesluit, vir 'n tydperk van een en twintig dae vanaf 'n datum gespesifiseer in sodanige kennisgewing, welke datum nie later as sewe dae na

verstryking van die tydperk waarna in regulasie 3(1) verwys word, sal wees nie;

- (b) wat 'n beroep op elke persoon doen wie se naam nie op sodanige lys verskyn nie en wat glo dat hy of sy daarop geregtig is om as kieser geregistreer te word en enige persoon wat enige beswaar het teen die registrasie van enige persoon wie se naam op sodanige lys verskyn;
 - (i) en 'n skriftelike eis of beswaar op die voorgeskrewe vorm ER1 of ER2 wat by daardie kantoor of plek bedoel by paragraaf (a) beskikbaar sal wees, in te dien; of
 - (ii) ten opsigte van enige persoon wat nie kan skryf nie, persoonlik by 'n vermelde plek en tydstip te verskyn en mondelings beswaar te maak,

by die kieserslysbeampte binne 'n periode van 28 dae na die datums in die kennisgewing bedoel by paragraaf (a) gespesifiseer.

- (c) wat vermeld dat 'n lys bevattende die naam, van en besonderhede met betrekking tot elke eiser en beswaarmaker ingevolge subregulasie (b), gedurende normale kantoorure nagegaan mag word by die kantoor van die oorgangsraad en ander plek of plekke aangewys in terme van subregulasie (a) gedurende die ure vanaf 06:00 tot 22:00 daaglik, Saterdag, Sondag en enige openbare feesdae ingesluit, tydens 'n tydperk van sewe dae wat begin sewe dae na die verstryking van die tydperk beoog in subregulasie (b);
- (d) wat 'n beroep doen op elke persoon wat beswaar wil maak teen registrasie van enige persoon wie se naam op die lys bedoel in subregulasie (b) of (c) verskyn;
 - (i) om 'n skriftelike beswaar op die voorgeskrewe vorm ER2 in te dien; of

- (ii) ten opsigte van enige persoon wat nie kan skryf nie, persoonlik by 'n vermelde plek en tyd te verskyn om 'n mondelinge beswaar in te dien,

by die kieserslysbeampte binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die verstryking van die tydperk beoog in paragraaf (c);

- (e) wat een of meer dae bepaal, wat nie minder as sewe en nie meer as veertien dae na die verstryking van die tydperk in paragraaf (d) bedoel sal wees nie, en een of meer plekke vir sitting van die hersieningshof om eise en besware aan te hoor : Met dien verstande dat minstens een dag 'n Saterdag of Sondag sal wees en een plek in 'n gebied in regulasie 16(1) (b) bedoel, sal wees.

(2) Die kieserslysbeampte sal;

- (a) nie later as sewe dae na die verstryking van die tydperk bedoel in subregulasie (1)(b) nie, 'n lys saamstel waarop die naam van en besonderhede in verband met elke eiser ingevolge subregulasie (1)(b) uiteengesit is; en
- (b) nie later as vier dae na die verstryking van die tydperk bedoel in subregulasie 1(d) nie, 'n lys saamstel waarop die naam, van en besonderhede in verband met elke beswaarmaker ingevolge subregulasie (1)(d) uiteengesit is.

(3) Die kieserslysbeampte sal besware teen die registrasie van alle eisers wat hy rede het om te vermoed nie daarop geregtig is om as kiesers geregistreer te word nie, by die hersieningshof indien.

(4) Die kieserslysbeampte sal, nie minder as vier dae voor die dag bepaal vir die sitting van die hersieningshof nie, 'n kennisgewing bestel aan:

- (a) elke persoon wie se naam op die lys verskyn of 'n lys eisers beoog in subregulasie (2) en teen wie se registrasie 'n beswaar ingedien is;
- (b) die betrokke beswaarmaker; en

- (c) enige eiser om registrasie as kieser teen wie se eis beswaar gemaak is, of wat deur die kieserslysbeampte verwerp is;

wat die gronde vir sodanige beswaar of verwerping uiteensit, die datum waarop dit deur die hersieningshof oorweeg sal word, en elke persoon, eiser en beswaarmaker, oproep om teenwoordig te wees; en vermeld dat sodanige beswaar nie deur die hersieningshof oorweeg sal word nie tensy sodanige beswaarmaker sodanige sitting en elke ander sitting van die hersieningshof waarheen oorweging van sodanige beswaar uitgestel word, bywoon nie :

Met dien verstande dat waar die adres van 'n eiser of beswaarmaker nie volledig genoeg is om sodanige bestelling moontlik te maak nie, die kieserslysbeampte 'n kennisgewing ten opsigte van enige een of meer eisers of beswaarmakers wesenlik in ooreenstemming met die bepalings van hierdie subregulasie sal publiseer, of indien sodanige publikasie as gevolg van beperkings of die nie beskikbaarheid van 'n koerant of koerante nie gedoen kan word nie, die kennisgewing by die munisipale kantore naaste aan die adres van die eiser of beswaarmaker geleë, vertoon word.

- (5) Nie-ontvangs van 'n kennisgewing of gebreke in die publikasie van enige kennisgewing bedoel in subregulasie (4) sal nie die kieserslys of enige verrigting of besluit van die hersieningshof ongeldig maak nie.
- (6) Die Premier mag met inagneming van die verkiesingsdatum 'n kieserslysbeampte gelas om die getal of die ligging van plekke of sittings bedoel in subregulasie (1)(a) of (1)(b) te vermeerder en die Premier mag die vevaldatum bedoel in subregulasie (1)(e), verleng.

Instelling van Hersieningshof

- 5 (1) (a) Daar word hierby vir doeleindes van elke kieserslys 'n hersieningshof met die samestelling, bevoegdhede, werksaamhede en pligte in hierdie regulasies bepaal, ingestel.
- (b) Nieteenstaande die bepalings van subregulasie (1)(a), mag die Premier meer as een hersieningshof ten opsigte van elke lys of enige deel van elke lys magtig en instel.

- (2) Die hersieningshof vir elke lys of deel van sodanige lys sal bestaan uit drie persone aangestel deur die betrokke oorgangsraad, nie later nie as 120 dae na die datum van proklamasie van hierdie regulasies nie, van wie minstens een 'n advokaat, prokureur of ander regsgekwalfiseerde persoon sal wees wat ook die voorsittende beampte van die hof sal wees.
- (3) Die oorgangsraad sal verder sekundi aanstel om die plek in te neem van enige lid van die hersieningshof wat afwesig of ongesteld is en sal die rangorde van sodanige sekundi bepaal : Met dien verstande dat minstens een sodanige sekundus sal voldoen aan die kwalifikasies vereis vir die voorsittende beampte bedoel in subregulasie (2).
- (4) Die aanstel van lede en sekundi tot 'n hersieningshof ingevolge subregulasies (2) en (3) sal beslis word deur 'n besluit van die raad aanvaar met 'n meerderheid van minstens twee derdes van al sy lede.
- (5) (a) Geen persoon sal as lid van sodanige hof aangestel word of aanstelling aanvaar indien hy of sy;
- (i) 'n ampsdraer van 'n party is;
 - (ii) 'n lid, raadslid of werknemer van die betrokke oorgangsraad is; of
 - (iii) nie daarop geregtig is om kragtens regulasie 2 as kieser geregistreer te word nie.
- (b) 'n Lid van sodanige hof hou op om lid van die hof te wees en sal sy amp ontruim indien hy of sy;
- (i) onbevoeg raak vir aanstelling as lid van sodanige hof;
 - (ii) sy of haar bedanking by die hoof-uitvoerende beampte indien; of
 - (iii) te sterwe kom;

en enige vakature wat aldus ontstaan, word gevul by wyse van aanstelling deur die oorgangsraad van 'n geskikte plaasvervanger, of by sodanige gebrek, die onverwylde aanstelling van 'n persoon wat oor wesentlik dieselfde kwalifikasies as sy voorganger beskik.

- (6) Die hersieningshof sal die wyse waarop hy sy sake verrig, bepaal.
- (7) Wanneer daar ook al 'n verandering in die lidmaatskap van die hersieningshof plaasvind, sal enige gedeeltelik aangehoorde eis of beswaar, op versoek van die betrokke eiser of beswaarmaker, *de novo* hanteer word.
- (8) Administratiewe werk verbonde aan tot die uitvoer van die werksaamhede van 'n kieserslysbeampste en hersieningshof word uitgevoer deur die hoof-uitvoerende beampste van die betrokke oorgangsraad of deur een of meer beamptes van sodanige owerheid behoorlik skriftelik aangestel en wat optree onder die jurisdiksie en beheer van sodanige hoof-uitvoerende beampste.
- (9) Lede van 'n hersieningshof sal vergoed word op die basis wat deur die Premier vasgestel word, nie later nie as die tyd bedoel in subregulasie (2), of by gebrek, deur besluit van die oorgangsraad.

Bevoegdhede, Werksaamhede en Pligte van Hersieningshof

- 6 (1) Die hersieningshof sal op die dag of dae en by die plek of plekke ingevolge regulasie 4(1)(a) of 4(6) vasgestel, eise en besware teen die registrasie van persone as kiesers aanhoor, oorweeg en bepaal.
- (2) Die hersieningshof sal;
 - (a) die naam van elke eiser op die lys byvoeg of invoeg;
 - (i) wat geregtig is op registrasie en die hof aldus oortuig het;
 - (ii) teen wie se registrasie geen beswaar ingedien is nie; of
 - (iii) wat niteenstaande enige beswaar, die hof oortuig dat hy of sy daarop geregtig is om as 'n kieser geregistreer te word,

of die name van alle sodanige eisers op 'n aanvullende lys wat voldoen aan die bepaling van regulasie 3(5)(a) plaas, en sodanige lys tot die rol by te voeg;

of

die

of

die

of

- (b) die naam van elke eiser skrap of van die lys verwyder;
 - (i) ten opsigte van wie 'n beswaar ingedien is; en
 - (ii) ten opsigte van wie die hof oortuig is nie daarop geregtig is om as 'n kieser geregistreer te word nie; en
 - (c) enige fout regstel of enige weglating wat oënskynlik vir hom by enige inskrywing op die lys voorgekom het met betrekking tot die besonderhede vereis ingevolge regulasie 3(5)(a), aanvul.
- (3)
- (a)
 - (i) Waar 'n naam tot die lys ingevolge subregulasie (2)(a) bygevoeg of ingevoeg is, sal die reeksnommer wat ingevolge regulasie 3(5)(a) aan sodanige naam toegeken is, 'n nommer wees wat nie voorheen aan enige ander naam of eiser toegeken is nie; en
 - (ii) Waar 'n naam ingevolge subregulasie (2)(b), van die lys geskrap of verwyder is, sal die reeksnommer ingevolge regulasie 3(5)(a)(i) toegeken aan sodanige naam, nie aan enige ander naam of eiser toegeken word nie.
 - (b) Waar 'n kieserslys ingevolge regulasie 3(6), in dele verdeel is, sal die reeksnommer aan 'n naam op die lys ingevolge regulasie 3(5)(a)(i) toegeken, behou word met sodanige naam in enige deel.
- (4) Die hersieningshof sal geen eis of beswaar oorweeg nie tensy;
- (a) sodanige eis of beswaar wesenlik ooreenkomstig die voorgeskrewe vorm ingedien is; en
 - (b)
 - (i) in die geval van enige eis of beswaar bedoel in regulasie 4(1)(b), sodanige eis of beswaar deur die kieserslysbeampte voor die verstryking van die tydperk daarin bedoel, ontvang is;
 - (ii) in die geval van enige beswaar beoog in regulasie 4(1)(d) sodanige beswaar deur die kieserslysbeampte ontvang is voor die verstryking van die tydperk daarin bedoel;

- (iii) by gebrek aan voldoening aan subparagraaf (i) of (ii), die hersieningshof oortuig is dat daar uitsonderlike omstandighede met betrekking tot die laat indiening van die betrokke dokument bestaan wat die oorweging van die eis of beswaar regverdig; en
- (c) in die geval van enige persoon oor wie se registrasie 'n beswaar ingedien is, die beswaarmaker elke sitting van die hersieningshof waarby die beswaar oorweeg gaan word, bywoon om sodanige beswaar te staaf.
- (5) Die kieserslysbeampte is daarop geregtig om alle sittings van die hersieningshof by te woon en sal in die teenwoordigheid van 'n eiser of beswaarmaker aangehoor word.
- (6) Enige persoon wie se eis of beswaar deur die hersieningshof oorweeg word en enige persoon wat sodanige eis of beswaar teenstaan, is daarop geregtig om persoonlik of deur 'n verteenwoordiger skriftelik daartoe gemagtig, aangehoor te word en om mondelinge getuienis te lewer en getuies te roep.
- (7) Alle getuienis voor die hersieningshof, sal onder eed of bevestiging deur die voorsittende beampte afgeneem, gelewer word.
- (8) Sittings van die hersieningshof sal vir die publiek en die pers toeganklik wees.
- (9) Die hersieningshof mag, onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies, van tyd tot tyd soos wat hy dienstig ag, verdaag.
- (10) Indien geen eise of besware ingevolge regulasies 4(1)(b) of 4(1)(d) of 4(3) binne die tydperk bedoel in regulasie 4(1)(a) ingedien word nie, sal die kieserslysbeampte deur kennisgewing aangebring by die kantore van die oorgangsraad, die sitting van die hersieningshof onverwyld kanselleer.

Sertifisering en ondertekening van kieserslys

- 7 (1) Die lys, indien deur die hersieningshof ingevolge regulasie 6 gewysig, sal binne sewe dae vanaf wysiging of binne sewe dae na die kansellering soos bedoel by regulasie 6(10) deur die voorsittende beampte van sodanige hof gesertifiseer en onderteken word en sal daarna, onderworpe aan die bepalings van regulasies 8 en 9, die kieserslys vir die betrokke oorgangsraad wees totdat 'n nuwe lys wettig opgestel is.

- (2) Enige dokument wat voorgee om die kieserslys te wees soos gesertifiseer en onderteken deur die voorsitter van die hersieningshof ingevolge subregulasie (1) of as 'n ware afskrif van sodanige lys deur die hoof-uitvoerende beamppte gesertifiseer deur die uitreiking van 'n sertifikaat tot daardie effek, sal, tensy bewys word dat sodanige dokument nie sodanige kieserslys of sodanige ware afskrif is nie, na gelang van die geval, as bewys dien dat die persone wie se name daarop verskyn daarop geregtig is om enige reg wat aan kiesers by hierdie regulasies verleen is, uit te oefen.
- (3) Die gesertifiseerde kieserslys sal by die kantore van die oorgangsraad gelewer word en sal gedurende normale kantoorure van die oorgangsraad of gedurende sodanige verlengde ure en tye soos wat dit deur besluit mag bepaal, beskikbaar wees vir insae deur lede van die publiek.
- (4) Enige kieser of kandidaat of party mag 'n kopie van die kieserslys of deel daarvan van toepassing op 'n wyk, teen sodanige pryse soos wat die oorgangsraad deur besluit bepaal, bekom.

Hersiening van Kieserslyste

- 8 (1) Elke oorgangsraad sal nie minder nie as ses maande voor die verstryking van die ampstermyn bedoel in regulasie 80, sy kieserslys bywerk.
- (2) Die bepalings van regulasies 3 tot 7 sal van toepassing wees op elke sodanige hersiening.

Weglating

- 9 Geen weglating van die naam van 'n persoon van die kieserslys sal sodanige lys of enige verkiesing ingevolge hierdie regulasies gehou, ongeldig maak nie.

Kieserslys-uitgawes

- 10 'n Oorgangsraad mag sodanige uitgawe wat nodig mag wees, in verband met die maak, hersien of aanpas van enige kieserslys of enige regsproses wat daaruit spruit, aangaan.

Verteenwoordiging deur Plaaslike Regeringsliggaam

- 11 (1) Die Premier mag, na skriftelike oorlegpleging met die betrokke rade of liggame, 'n oorgangsraad of plaaslike regeringsliggaam of -liggame magtig of beveel om as die verteenwoordiger vir of namens 'n oorgangsraad wat ingevolge artikel 10 van die Wet proklameer is of proklameer gaan word, of vir of namens enige ander plaaslike regeringsliggaam of -liggame, 'n kieserlys ingevolge hierdie regulasies voor te berei, en om die pligte wat sodanige owerheid ingevolge hierdie regulasies opgelê is, in die geheel of ten dele uit te voer.
- (2) Enige voorskrif deur die Premier ingevolge subregulasie (1) hierbo gelas mag sodanige opdragte en ander reëlins insluit soos wat die Premier nodig of wenslik mag ag om uitvoering te kan gee aan die voorbereiding van sodanige kieserlys en sal opdragte insluit, in verband met die toedeel en verhaal van kostes.

Oortredings

12 Enige persoon wat;

- (a) vals inligting in enige eis of beswaar ingevolge regulasie 3 of 4 ingedien, of ten opsigte van enige besonderhede wat nodig is vir die saamstel van die kieserslys verstrek;
- (b) weier of nalaat om enige inligting ten opsigte van enige sodanige besonderhede te verstrek;
- (c) vals getuienis lewer voor, of die verrigtinge van 'n hersieningshof onderbreek of ontwrig; of
- (d) 'n hersieningshof minag,

is aan 'n misdryf skuldig, en by skuldigbevinding met die strawwe soos voorgeskryf by Hoofstuk 17 van hierdie regulasies strafbaar.

HOOFSTUK 4

SETELS EN WYKE

Inleiding

- 13 (1) Na behoorlike oorweging van die advies en skriftelike aanbevelings van die oorgangsraad indien enige wat op daardie stadium geraak mag word en na behoorlike oorweging van die advies en skriftelike aanbevelings van die Afbakeningsraad vir Plaaslike Regering vir die provinsie ingestel, sal die Premier;
- (a) die regsgebied van sodanige oorgangsraad afbaken;
- (b) die getal setels in sodanige oorgangsraad bepaal, met inagneming van die reg van enige tradisionele leier van 'n gemeenskap wat 'n stelsel van inheemse reg toepas en woonagtig is op grond binne die regsgebied van 'n oorgangsraad soos bedoel in paragraaf (a) om *ex officio* lid van sodanige oorgangsraad te wees;
- (c) die regsgebied van sodanige plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur in wyke afbaken; en
- (d) die getal setels in elke wyk bepaal : Met dien verstande dat 'n gelyke getal setels aan elke wyk binne die regsgebied van enige individuele plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur, toegeken sal word,
- en die bepalings van sodanige afbakening en bepaling, sal in die proklamasie beoog by artikel 10 van die Wet, vervat wees.
- (2) Enige afbakening of bepaling soos beoog by subregulasie (1)(a), (b) of (c) mag van tyd tot tyd, maar nie later as 'n datum drie maande voor die dag deur die Minister ingevolge artikel 9(1) van die Wet bepaal, deur die Premier in ooreenstemming met subregulasie (1) hersien word nie.

Getal Setels

- 14 Waar die getal setels van 'n oorgangsraad en by wyse van 'n verkiesing gevul moet word, nie op die vereiste manier toegedeel kan word;
- (a) vir 'n metropolitaanse oorgangsraad ingevolge regulasie 22; of
- (b) vir 'n plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur ingevolge regulasie 16 en 22,

sonder dat dit breuke tot gevolg het nie, sal sodanige toedeling ingevolge Bylae 1 tot hierdie regulasies gemaak word.

Wyke

- 15 Die getal wyke sal bepaal word kragtens die bepalings van regulasies 13(1)(b) en (d), 16, 17 en 22.

Toedeling van wyke

- 16 (1) Waar die regsgebied van enige plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur;

(a) die regsgebied van enige instelling of liggaam bedoel by Artikel 84(1)(f) van die herroepe Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961); en

(b) enige ander gebied wat nie binne die regsgebied van die instelling of liggaam bedoel in paragraaf (a) val nie,

insluit, aan geen gebied bedoel in paragraaf (a) of (b) minder as die helfte van die totale getal wyke van so 'n plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur toegewys word nie : Met dien verstande dat vir doeleindes van afbakening van wyke ingevolge regulasie 15 geen gebied in paragraaf (a) bedoel, enige gebied insluit van;

(i) enige plaaslike owerheid soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982);

(ii) enige plaaslike owerheidsliggaam ingestel uit hoofde van die bepalings van artikel 20(2)(a) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927); of

(iii) enige raad of komitee ingestel kragtens die bepalings van die Regulasies vir die Administrasie en Beheer van Sekere Stedelike Gebiede in Natal, 1982 (Proklamasie 86 van 1982) en die Regulasies vir die Administrasie en Beheer van Sekere Stedelike Gebiede in Natal, 1983 (Proklamasie 67 van 1983).

- (2) 'n Oorgangsraad sal aan die Afbakeningsraad vir Plaaslike Regering binne sodanige tyd as wat dit mag bepaal sodanige kaarte en inligting as wat die Raad redelikerwys

mag benodig, beskikbaar stel, ten einde sy verpligtinge ingevolge regulasie 17 na te kom.

Kriteria om Wyke af te Baken

- 17 (1) Die advies en skriftelike aanbevelings van die Afbakeningsraad vir Plaaslike Regering ten opsigte van die afbaken van enige sodanige regsgebied in wyke, sal die volgende kriteria in aanmerking neem;
- (a) topografiese en fisiese kenmerke van die gebied insluitend mensgemaakte eienskappe;
 - (b) die toeganklikheid en beskikbaarheid van persele wat geskik is vir een of meer stemlokale;
 - (c) die getal kiesers in elke wyk; en
 - (d) die bepalings van regulasies 13, 14, 16 en 22.
- (2) (a) Behoudens die bepalings van paragraaf (c) hieronder, sal elke wyk 'n geraamde gelyke getal kiesers bevat en tensy die Premier in 'n spesifieke geval anders bepaal, sal geen wyk 'n aantal kiesers bevat wat vyftien persent meer of minder as die kwota is nie.
- (b) Vir doeleindes van subregulasie (2)(a) sal die kwota vasgestel word deur die totale aantal kiesers op die kieserslys met die totale getal wyke te deel.
- (c) Waar dit onmoontlik is om aan die vereistes van subregulasie (2)(a) te voldoen weens die verskil in die totale aantal kiesers binne die gebied bedoel in regulasie 16(1)(a) en die totale aantal kiesers binne die gebied bedoel in regulasie 16(1)(b);
- (i) word die bepalings van subregulasie (2)(a) afsonderlik ten opsigte van elke sodanige gebied toegepas; en
 - (ii) word 'n kwota vir elke gebied vasgestel deur die totale aantal kiesers in die kieserslys in daardie gebied met die totale getal wyke in daardie gebied te deel.

HOOFSTUK 5

KWALIFIKASIES : STEMMING EN NOMINASIES

Stemming volgens Wyke

- 18 Elke kieser wie se naam op die kieserslys vir 'n wyk verskyn, is daarop geregtig om 'n stem uit te bring vir 'n raadslid ten opsigte van elke vakature wat in sodanige wyk bestaan.

Stemming volgens Proporsionele Verteenwoordiging

- 19 Afgesien daarvan dat 'n kieser ingevolge regulasie 18 stem, sal elke kieser wie se naam op die toepaslike kieserslys vir 'n plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur of die toepaslike kieserslys vir 'n metropolitaanse oorgangsraad vir 'n verkiesing van raadslede ooreenkomstig proporsionele verteenwoordiging verskyn, ook daarop geregtig wees om 'n stem vir 'n party wie se naam op die toepaslike stembrief vir sodanige oorgangsraad verskyn, uit te bring.

Stembriewe

- 20 Daar sal een stembrief ooreenkomstig vorm ER3(A) met die oogmerk om op die wyse soos by regulasie 18 bepaal; en een stembrief ooreenkomstig Vorm ER3(B) vir elke oorgangsraad met die oogmerk om op die wyse soos by regulasie 19 bepaal, te stem, wees.

Kwalifikasies vir Nominasie en Verkiesing

- 21 (1) Enige persoon wat op die toepaslike kieserslys soos beoog in regulasie 2 ingeskryf is, sal daarop geregtig wees om as 'n lid van 'n oorgangsraad benoem en verkies te word tensy;
- (a) hy of sy 'n verkose lid van die Nasionale Vergadering of die Senaat is;
- (b) hy of sy ingevolge artikel 42(1) van die Grondwet gediskwalifiseer is om verkies te word as 'n lid van die Nasionale Vergadering naamlik indien hy of sy;

- (i) ten tye van die verkiesing 'n vonnis van gevangenisstraf van meer as 12 maande sonder die keuse van 'n boete uitdien;
- (ii) te eniger tyd na 9 Maart 1994 is aan 'n misdryf in die Republiek skuldig bevind is, of buite die Republiek skuldig bevind is, indien die optrede wat sodanige misdryf uitmaak 'n oortreding in die Republiek sou uitgemaak het, en daarvoor gevangenisstraf van meer as 12 maande sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is, tensy hy of sy kwytskelding ontvang het: Met dien verstande dat geen persoon geag word aan 'n oortreding skuldig bevind te wees totdat 'n appél teen die skuldigbevinding of vonnis beslis is of, indien geen appél teen die skuldigbevinding of vonnis aangeteken is nie, die tyd om so 'n appél aan te teken verstryk het;
- (iii) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (iv) in sy of haar geestesvermoë gekrenk is en deur 'n bevoegde hof aldus verklaar is;
- (v) 'n winsbetrekking onder die Republiek bekleë: Met dien verstande dat die volgende persone geag word nie 'n winsbetrekking onder die Republiek te bekleë vir die doel van hierdie paragraaf nie, te wete:
 - (aa) 'n Uitvoerende Adjunkpresident, 'n Minister of 'n Adjunkminister;
 - (bb) 'n persoon wat 'n pensioen ontvang wat betaal word uit openbare fondse of uit 'n pensioenfonds wat deur openbare fondse ondersteun word;
 - (cc) 'n vrederegter of taksateur; of
 - (dd) 'n lid van 'n raad, bestuur, komitee, kommissie of soortgelyke liggaam wat by of kragtens wet ingestel is of 'n komitee van die nasionale Vergadering wat vergoeding ontvang wat nie meer is as 'n bedrag gelykstaande met sy of haar salaris as 'n lid van die Nasionale Vergadering;

- (c) hy of sy deur 'n bevoegde hof gediskwalifiseer is om verkies te word;
 - (d) hy of sy om 15:00 op die dag wat nominasiedag onmiddellik voorafgaan, 'n bedrag aan die betrokke oorgangsraad verskuldig is ten opsigte van enige eiendomsbelasting, huur, dienstegeld of enige ander gelde vir 'n tydperk langer as drie maande; of
 - (e) hy of sy 'n werknemer van die betrokke oorgangsraad of 'n ander oorgangsraad is : Met dien verstande dat die Uitvoerende Raad soos bedoel in artikel 149 van die Grondwet enige sodanige persoon kan vrystel as hy oortuig is dat sodanige vrystelling in die openbare belang is en bewys van so 'n vrystelling die benoeming vergesel.
- (2) (a) Geen persoon wat as kandidaat vir 'n wyk genomineer is sal as kandidaat vir enige ander wyk, en geen persoon wat as 'n kandidaat op 'n partylys genomineer is sal as kandidaat vir enige ander partylys by dieselfde oorgangsraad tydens dieselfde verkiesing genomineer word nie.
- (b) (i) Behoudens die bepalings van subparagraaf (ii) sal geen persoon genomineer vir verkiesing as 'n lid van 'n oorgangsraad genomineer word vir 'n verkiesing as 'n lid van enige ander oorgangsraad nie.
- (ii) Nieteenstaande die bepalings van subparagraaf (1), mag 'n persoon vir verkiesing as lid van 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur sowel as lid van dieselfde metropolitaanse oorgangsraad genomineer word.

HOOFSTUK 6

REGISTRASIE EN NOMINASIE

Verkiesing deur Proporsionele Verteenwoordiging en deur Wyke

- 22 (1) (a) Veertig persent van die lede van 'n oorgangsraad sal ooreenkomstig die stelsel van proporsionele verteenwoordiging soos in hierdie regulasie uiteengesit, verkies word; en

- (b) Sestig persent van die lede van 'n plaaslike oorgangsraad of 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal verkies word op die grondslag dat elke lid 'n wyk van sodanige plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal verteenwoordig.

Kennisgewing ten opsigte van Nominasies en Registrasie

- 23 (1) By die bepaling van die dag van die eerste verkiesing deur die Mininster ingevolge artikel 9 van die Wet, sal die kiesbeampte, deur kennisgewing gepubliseer nie minder nie as 100 dae voor die verkiesingsdag so bepaal;
- (a) kennis gee van die verkiesingsdag en die stemye soos voorgeskryf by regulasie 45(1);
 - (b) die nominasiedag beoog deur regulasies 26(2) en 29(4) bepaal, welke dag nie minder nie as 40 dae voor die verkiesingsdag sal wees nie;
 - (c) die dag en tyd waarop nominasies van kandidate vir wyksverkiesings aan die kiesbeampte afgelewer moet word ingevolge regulasie 29, spesifiseer, sodanige nominasies vra en die getal vakatures wat gevul moet word, aandui;
 - (d) die datum waarop aansoeke vir registrasie van partye aan die kiesbeampte ingevolge regulasie 24 afgelewer moet word, spesifiseer en sodanige aansoeke inwag;
 - (e) die plek aanwys waarop nominasies en aansoeke bedoel in paragraaf (c) en (d) hierbo, deur die kiesbeampte ontvang sal word.
- (2) (a) Ten opsigte van verkiesings wat vir metropolitaanse oorgangsubstrukture en 'n metropolitaanse oorgangsraad gehou word, sal die metropolitaanse kiesbeampte die betrokke substrukture raadpleeg en nie minder nie as 120 dae voor verkiesingsdag met wedersydse ooreenstemming, gemeenskaplike tye en datums vir doeleindes van regulasies 23(1)(b), (c), (d) en (e) bepaal, welke ooreenkoms bindend op sodanige partye sal wees.
- (b) By gebrek aan 'n ooreenkoms ingevolge regulasie 23(2)(a) sal die metropolitaanse kiesbeampte die Premier onverwyld aldus adviseer, wat sodanige tye en datums volgens sy of haar diskresie sal bepaal.

Registrasie van Partye : Verkiesing volgens Proporsionele Verteenwoordiging

- 24 (1) Elke party wat van voorneme is om deel te neem aan 'n verkiesing ooreenkomstig proporsionele verteenwoordiging sal;
- (a) nie later nie as om twaalf uur die middag 40 dae voor nominasiedag 'n skriftelike aansoek aan die betrokke kiesbeampte vir registrasie as 'n party, aflewer; en
- (b) die volgende in die aansoek soos bedoel in paragraaf (a), insluit;
- (i) die naam en onderskeidende merk of simbool van die party wat ingevolge regulasie 36(5)(b) op die stembrief moet verskyn;
 - (ii) die onderskeidende merk of simbool wat deur die betrokke party gebruik word, op 'n afsonderlike bladsy, duidelik identifiseerbaar en geskik vir druk of reproduksie in swart en wit;
 - (iii) die adres van die party binne die regsgebied van die betrokke oorgangsraad waarmee die aansoek verband hou;
 - (iv) die grondwet van die party in die geval van 'n party wat nie ingevolge die Kieswet, 1993 (Wet 202 van 1993) geregistreer is nie;
 - (v) die name, identiteitsnommers en adresse van die plaaslike ampsdraers van die party wat gewoonlik binne die regsgebied van die betrokke oorgangsraad waarmee die aansoek in verband staan, woonagtig is;
 - (vi) 'n lys van die partykandidate vir die verkiesing, welke lys 'n getal kandidate sal bevat wat nie meer is as die getal setels wat ingevolge subregulasie 22(1)(a) gevul moet word nie, tesame met die volle name, identiteitsnommer en adres van elke sodanige kandidaat asook 'n aanvaarding van elke kandidaat op vorm ER4;
 - (vii) 'n deposito in die vorm van kontant of 'n bank gewaarborgde tjek wat nie minder nie as 55 dae voor nominasiedag deur die kiesbeampte

bepaal is, wat 'n akkurate beraming van een persent van die getal kiesers op die kieserslys wat in rand uitgedruk is en enige sente verontagsaam verteenwoordig, of die bedrag van R500 welke ookal die grootste is, welke deposito ingevolge subregulasie (3) hieronder terugbetaalbaar mag wees; en

(viii) die naam en adres van 'n gemagtigde party verteenwoordiger.

- (2) Die kiesbeampte sal later nie as 24 uur na die uur by subregulasie (1) bedoel, 'n lys bevattende die name en adresse van elke party ten opsigte waarvan 'n aansoek om registrasie ontvang is, tesame met elk se lys van partykandidate buite die plek van nominasie soos bedoel by regulasie 23(1)(e) aanbring en dit tot 12 uur die middag van nominasiedag vertoon.
- (3) By ontvangs van 'n aansoek vir registrasie soos bedoel by regulasie 24(1), stel die kiesbeampte vas of;
- (a) die party se adres binne die regsgebied van die oorgangsraad waarmee die aansoek in verband staan, geleë is;
 - (b) die grondwet van die party wesenlik aan die woordskrywing van 'n party soos bedoel by regulasie 1, voldoen; of
 - (c) die party ingevolge die Kieswet, 1993 (Wet 202 van 1993) geregistreer is; en
 - (d) die kandidate op die lys ingesluit is op die kieserslys van die oorgangsraad waarmee die aansoek in verband staan en nie ingevolge regulasie 21 gediskwalifiseer is nie.
- (4) (a) Die kiesbeampte sal, nie later as sewe dae na verkiesingsdag nie, 'n deposito ingevolge subregulasie (1)(b)(vii) gemaak terugbetaal aan 'n party wat in sodanige verkiesing nie minder nie as 25 persent van die kwota stemme ontvang het vir 'n setel soos bepaal ingevolge regulasie 74(2) of 78(2) na gelang van die geval, of wat in sodanige verkiesing voldoende stemme verkry het om geregtig te wees op verteenwoordiging in 'n vakante setel.
- (b) 'n Party wat nie ingevolge subregulasie (3)(a) op 'n terugbetaling geregtig is nie, verbeur sy deposito aan die betrokke oorgangsraad.

Verwerping van Aansoeke

25 Die kiesbeampte sal, nie minder as 30 dae voor nominasiedag nie, by skriftelike kennisgewing aan die aansoeker, enige aansoek wat ingevolge regulasie 24 gemaak is, verwerp indien;

- (a) sodanige aansoek nie wesenlik die inligting bevat of nie die deposito insluit wat ingevolge regulasie 24(1)(b) vereis word nie; of
- (b) die party nie wesenlik voldoen aan die woordskrywing van 'n party soos bedoel in regulasie 1 nie; of
- (c) die party se adres nie in die regsgebied van die oorgangsraad waarmee die aansoek in verband staan, geleë is nie; of
- (d) een of meer persone op die lys van partykandidate kragtens regulasie 21 gediskwalifiseer is, of nie op die toepaslike kieserslys ingesluit is nie; of
- (e) die naam van een of meer persone op die lys van kandidate van meer as een party verskyn met 'n aanvaarding op vorm ER4 vir die betrokke oorgangsraad; of
- (f) die onderskeidende merk of simbool weens die redes in regulasie 29(5)(f), (g) of (h) uiteengesit, verwerp is.

Met dien verstande dat waar die verwerping ingevolge paragrawe (a), (c), (d), (e), of (f) is, die kiesbeampte die party skriftelik geleentheid sal bied om die gebrek nie minder nie as 5 werksdae voor nominasiedag reg te stel, deur aan sodanige beampte die reggestelde inligting of adres of deposito te voorsien of 'n ander naam of name van bevoegde persone in die plek te stel of ander regstellings te maak, na gelang van die geval. By behoorlike voldoening daaraan, sal die kiesbeampte die aansoek goedkeur en die party registreer : Met dien verstande dat waar 'n party in gebreke bly om slegs 'n tekortkoming ingevolge subregulasies (d), (e) of (f) reg te stel, die kiesbeampte die betrokke persoon of persone of, behoudens die bepalings van regulasie 90(1)(e)(iii), die betrokke onderskeidende merk of simbool sal verwerp en die aansoek andersins goedkeur en die party registreer.

- 26
- (1) Die kiesbeampte sal alle aansoeke van alle partye wat aan die voorskrifte van regulasie 24 voldoen, goedkeur en registreer.
 - (2) Om 12 uur die middag van nominasiedag sal die kiesbeampte by die plek van nominasie soos bedoel by regulasie 23(1)(a) in die openbaar;

- (a) die name van partye wie se nominasies in terme van regulasie 25 verwerp is, verklaar;
 - (b) die name van partye wie se nominasies aanvaar is en ten opsigte van wie 'n verkiesing gehou sal word, verklaar;
 - (c) die name van die aanvaarde kandidate op die partylys van elke party in paragraaf (b) vermeld, verklaar; en
 - (d) die onderskeidende merk of simbool van elke party indien enige en deur die kiesbeamppte aanvaar en deur die verkiesingskomitee in terme van regulasie 90(1)(e)(iii) beslis, vertoon.
- (3) Die nominasie van 'n party wie se nominasie kragtens subregulasie (2) verklaar is, mag nie onttrek word nie.

Publikasie van lyste

- 27 (1) Die kiesbeamppte sal, binne 16 dae na nominasiedag en na aansoeke vir registrasie ingevolge regulasie 24(1) hanteer is, ingevolge regulasie 24, 25 en 26, die volgende publiseer;
- (a) die volle naam en adres van die geregistreerde partye;
 - (b) die onderskeidende merk of simbool van die geregistreerde partye, indien enige
 - (c) die lys van partykandidate,
- en 'n kopie van sodanige kennisgewing buite die plek van nominasie bedoel in regulasie 23(1)(e), aanbring.
- (2) Die aansoek van elke geregistreerde party sal vir 'n tydperk van sewe dae wat volg op die datum van publikasie in subregulasie (1), van 08:00 tot 17:00 by die plek van nominasie bedoel in regulasie 23(1)(e), vir publieke insae beskikbaar wees.

- (3) Indien die kiesbeampte nie die hoof-uitvoerende beampte is nie, sal die kiesbeampte 'n kopie van sodanige kennisgewing aan die hoof-uitvoerende beampte voorsien.

28 Die metropolitaanse kiesbeampte sal, vir doeleindes van 'n verkiesing vir 'n metropolitaanse oorgangsraad, die funksies en pligte van die kiesbeampte ingevolge regulasies 23 tot en met 27 uitoefen en enige verwysing na die kiesbeampte sal vertolk word as 'n verwysing na sodanige metropolitaanse kiesbeampte.

Nominasie vir Wyksverkiesings

- 29 (1) Geen persoon mag by enige wyksverkiesing 'n kandidaat vir 'n raad wees nie tensy 'n nominasie op die voorgeskrewe vorm ER5 behoorlik voltooi en geteken is deur;

(a) die voornemende kandidaat of sy verteenwoordiger behoorlik skriftelik daartoe gevolmag is, welke volmag die nominasie sal vergesel, wat sodanige kandidaat se aanvaarding van die nominasie bevestig; en

(b) ten minste die getal kiesers ingevolge subregulasie (10) bepaal, wie se name op die kieserslys vir daardie wyk ingesluit is, anders as sodanige voornemende kandidaat of agent, en;

aan die kiesbeampte afgelewer is nie later nie as om twaalf uur die middag, 40 dae voor nominasiedag, vergesel van die onderskeidende merk of simbool van die kandidaat wat kragtens regulasie 36(2) op die stembrief moet verskyn, op 'n afsonderlike bladsy aangebring, duidelik identifiseerbaar en geskik vir druk of reproduksie in swart en wit;

- (2) Geen nominasie of enige besonderhede daarin bevat, sal, na aflewering van sodanige nominasie aan die kiesbeampte ingevolge subregulasie (1), aan enige persoon anders as 'n verkiesingsbeampte deur die kiesbeampte bekend gemaak word voor die uur bedoel in subregulasie (1) nie.

- (3) Nie later as vier en twintig uur na die uur bedoel in subregulasie (1) nie, sal die kiesbeampte buite die plek van nominasie bedoel in regulasie 23(1)(e) 'n lys aanbring wat die naam en adres van elke persoon ten opsigte van wie 'n nominasie ontvang is, toon en sodanige lys so aangebring, vertoon tot om twaalf uur die middag op nominasiedag.

- (4) Om twaalf uur die middag op nominasiedag sal die kiesbeampste, op die plek van nominasie soos bedoel in regulasie 23(1)(e), in die openbaar;
- (a) die name van die voornemende kandidate wie se nominasies deur hom ingevolge subregulasie (5) verwerp is, verklaar;
 - (b) die name van die kandidate wie se nominasies aanvaar is verklaar wat, ingevolge subregulasie (6) as behoorlik verkose geag word;
 - (c) die name van die kandidate wie se nominasie aanvaar is verklaar en ten opsigte van wie verkiesing ingevolge subregulasie (7) gehou sal word;
 - (d) die naam van die tradisionele leier van 'n gemeenskap wat 'n stelsel van inheemse reg toepas en woonagtig is op grond binne die regsgebied van 'n oorgangsraad en *ex officio* lid van die raad is, verklaar; en
 - (e) die onderskeidende merk of simbool van elke kandidaat indien enige deur die kiesbeampste aanvaar of deur die verkiesingskomitee in terme van regulasie 90(1)(e)(iii) beslis, vertoon.
- (5) Die kiesbeampste sal die volgende verwerp;
- (a) die nominasie van enige persoon wat tot sy tevredenheid bewys is, nie ingevolge regulasie 21 as 'n kandidaat benoembaar is nie;
 - (b) enige nominasie wat nie aan die vereistes van subregulasie (1) voldoen nie;
 - (c) die nominasie van enige persoon ten opsigte van wie die kiesbeampste, voordat die verklaring soos bedoel by subregulasie (4) gemaak is, 'n skriftelike terugtrekking van sy of haar kandidaatskap ontvang het, geteken deur daardie persoon en gestaaf deur ten minste twee ander persone as getuies;
 - (d) die nominasie van 'n persoon wat vir meer as een wyk in dieselfde oorgangsraad benoem is, indien meer as een van sodanige nominasies voldoen aan die vereistes van subregulasie (1);

- (e) die nominasie van 'n persoon wat, na die wete van die kiesbeampte, na aflewering van sy nominasievorm ingevolge subregulasie (1) maar voordat die verklaring ingevolge subregulasie (4) gemaak is, te sterwe gekom het;
- (f) 'n onderskeidende merk of simbool wat die onderskeidende merk van 'n party is of voorgee om te wees wat nie vergesel is van 'n skriftelike en getekende magtiging van die behoorlik daartoe gemagtigde verteenwoordiger van sodanige party nie;
- (g) onderskeidende merke of simbole wat identies of nie duidelik en maklik onderskeibaar is nie; en
- (h) 'n onderskeidende merk of simbool wat onweloweglik, beledigend, misleidend, ontheiligend of andersins waarskynlik aanstoot kan gee of wesenlik ooreenstem met 'n kruis of regmerk;

Met dien verstande dat geen nominasie op grond van enige tekortkoming soos beoog in paragraaf (b), (d), (f), (g) of (h) verwerp sal word nie tensy;

- (i) die kiesbeampte, nie later nie as 30 dae voor nominasiedag, aan die betrokke persoon 'n skriftelike kennisgewing bestel het wat hom inlig oor sodanige tekortkoming; en
- (ii) sodanige persoon versuim het;
- (aa) om sodanige tekortkoming reg te stel; en
- (bb) indien sodanige tekortkoming reggestel is, om tot die bevrediging van die stembeglyp te bewys dat sodanige tekortkoming reggestel is,

nie later nie as vyf werksdae voor nominasiedag: Met dien verstande verder dat waar sodanige persoon nalaat om 'n gebrek in terme van paragraaf (f), (g) of (h) reg te stel sal die kiesbeampte die betrokke onderskeidende merk of simbool behoudens die bepalings van Regulasie 90(1)(e)(iii) verwerp en andersins die nominasie aanvaar.

- (6) (a) Indien die aantal kandidate vir 'n wyk waarvan nominasies aanvaar is, gelyk is aan, of minder is as die getal vakatures in daardie wyk, sal sodanige kandidate as verkose geag word en 'n tussenverkiesing ten opsigte van die vulling van enige oorblywende vakatures sal binne 90 dae vanaf die datum van die verkiesing gehou word, wesenlik op die wyse soos in hierdie regulasies voorgeskryf vir die hou van verkiesings.
- (b) Indien onvoldoende nominasies om die oorblywende vakatures in paragraaf (a) bedoel, te vul, aanvaar word vir die tussenverkiesing bedoel in die genoemde subregulasie, sal die kiesbeampte, binne sewe dae van die verklaring wat ingevolge subregulasie (4) gemaak is ten opsigte van sodanige tussenverkiesing, die Premier skriftelik daarvan in kennis stel, en die Premier mag daarop óf voorskryf dat 'n tussenverkiesing gehou sal word om die balans van die oorblywende vakatures te vul, óf persone as raadslede aanstel om sodanige balans te vul en enige persone wat sodanig aangestel is, sal vir alle doeleindes as raadslid geag word.
- (7) Indien die aantal kandidate wie se nominasies aanvaar is, die getal vakatures oorskry, sal die kiesbeampte onmiddelik, deur kennisgewing aangebring buite die plek van nominasie bedoel in regulasie 23(1)(e) en binne 16 dae na nominasiedag, die volle name van elke kandidaat tesame met sy of haar onderskeidende merk of simbool indien enige, ten opsigte van wie 'n stemming op verkiesingsdag gehou sal word, publiseer.
- (8) Die kiesbeampte sal, indien oortuig dat 'n kandidaat soos bedoel by subregulasie (4)(c), die enigste kandidaat ten opsigte van 'n verkiesing of tussenverkiesing vir 'n vakature in 'n wyk is, gesterf het voor die dag van die verkiesing, alle verrigtinge beëindig en deur 'n kennisgewing in die pers gepubliseer, alle kennisgewings wat in hierdie hoofstuk ten opsigte van die betrokke wyk uitgereik is, onttrek, waarna 'n tussenverkiesing binne 90 dae van die datum van die verkiesing vir die betrokke wyk wesenlik in ooreenstemming met die wyse in hierdie regulasies vir die hou van verkiesings bepaal, gehou sal word : Met dien verstande dat sodanige beëindiging en kennisgewing op geen manier vertolk sal word as die beëindiging of opskorting van enige ander gelyklopende verkiesingsverrigtinge insluitend die nominasie van leiers van metropolitaanse oorgangstruktuur tot 'n oorgangsraad nie.
- (9) Die kiesbeampte sal vir doeleindes van subregulasie 1(b) hierbo, nie minder nie as 55 dae voor nominasiedag ten opsigte van elke wyk, 'n syfer wat 'n akkurate raming van

twee persent van die kiesers op die kieserslys vir elke betrokke wyk is, bepaal en beskikbaar stel.

HOOFSTUK 7

AANSTELLING, MAGTE EN PLIGTE VAN VERKIESINGSBEAMPTES

Aanstelling en Verantwoordelikhede

- 30 (1) (a) Die hoof-uitvoerende beampte sal *ex officio* die kiesbeampte van die betrokke oorgangsraad wees tensy daardie raad kragtens 'n raadsbesluit aanvaar deur 'n meerderheid van ten minste twee derdes van al sy lede, 'n ander persoon as kiesbeampte aanstel nie later nie as 180 dae voor die verkiesingsdag soos deur die Minister kragtens artikel 9 van die Wet bepaal.
- (b) Die oorgangsraad sal die *ex officio* of ander aanstelling van die kiesbeampte nie later nie as 7 dae na sodanige aanstelling skriftelik bevestig.
- (2) Die kiesbeampte vir 'n plaaslike oorgangsraad is verantwoordelik vir die administrasie, organisasie, toesig en voer van die verkiesing vir daardie plaaslike oorgangsraad.
- (3) Die kiesbeampte aangestel vir 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur is verantwoordelik vir;
- (a) die administrasie, organisasie, toesig en voer van die verkiesing vir beide daardie metropolitaanse oorgangsubstruktuur en die metropolitaanse oorgangsraad volgens proporsionele verteenwoordiging wat binne sodanige metropolitaanse oorgangsubstruktuur gevoer word;
- (b) verseker dat die verkiesing vir die metropolitaanse oorgangsraad in dieselfde stemburo as die verkiesing vir die metropolitaanse oorgangstruktuur gehou word; en
- (c) sodanige ander pligte en verantwoordelikhede soos by hierdie regulasies voorgeskryf.

- (4) Die kiesbeampte vir 'n metropolitaanse oorgangsraad aangestel, is verantwoordelik vir;
- (a) die oproep, ontvangs en beslissing oor aansoeke vir die registrasie van partye en registrasie van partye ten opsigte van 'n metropolitaanse oorgangsraadsverkiesing ooreenkomstig die bepalings van regulasie 23 tot en met 27;
 - (b) die druk en versending van stembriewe ten opsigte van sodanige verkiesing aan elke toepaslike kiesbeampte van elke metropolitaanse oorgangsubstruktuur ooreenkomstig die bepalings van regulasie 36(4) tot en met (6) asook 40(3);
 - (c) die ontvangs vanaf die kiesbeampte vir elke metropolitaanse oorgangsubstruktuur soos bedoel by regulasie 77, of die verantwoordelike adjunkkiesbeampte soos bedoel by regulasie 81, van 'n berig van die totale getal stemme uitgebring en die totale getal stemme uitgebring ten gunste van elke party;
 - (d) die bepaling van die uitslag van die verkiesing vir die metropolitaanse oorgangsraad volgens proporsionele verteenwoordiging kragtens regulasie 78;
 - (e) die bepaling kragtens hierdie regulasies, van die getal genomineerdes vereis van metropolitaanse oorgangsubstrukture vir die metropolitaanse oorgangsraad en die uitslag van sodanige nominasie kragtens regulasie 84 tot en met 88;
 - (f) enige ander pligte en verantwoordelikhede wat in terme van hierdie regulasies hom of haar opgelê mag word.
- (5) (a) Die oorgangsraad sal, onderworpe aan die lewering van noodsaaklike dienste, die kiesbeampte toelaat om vir die tydperk of tydperke en in die hoedanigheid of hoedanighede as wat hy of sy redelikerwys vereis as nodig vir die behoorlike voorbereiding en voer van die verkiesing, sodanige van sy werknemers te werf, aan te stel of te sekondeer.

- (b) Sodanige werknemers sal vir hierdie doel deur die oorgangsraad gemagtig word om afwesig te wees van hul normale werksplek met volle betaling sonder benadeling van enige ander diensvoorwaarde en vir 'n tydperk van nie meer as twee dae nie, geregtig wees op enige gelde wat deur sodanige oorgangsraad ingevolge regulasie 93 bepaal mag word.
- (c) Die kiesbeampste mag van buite die diens van die oorgangsraad sodanige bykomende persone wat hy of sy as noodsaaklik ag, werf en aanstel teen nie meer as die fooie vir enige ander verkiesingsbeampste in regulasie 93 bepaal.
- (d) Niks hierin vervat, sal vertolk word as 'n verbod op die oorgangsraad om sodanige bykomende voorsiening of reëlins as wat hy nodig mag ag, te maak ten opsigte van indiensneming of bemanning vir die behoorlike voorbereiding en voer van die verkiesing nie.

Verkiesingsbeampstes

- 31 (1) Die kiesbeampste sal sodanige verkiesingsbeampstes wat hy of sy nodig mag ag vir die behoorlike en doeltreffende voer van die verkiesing aanstel en mag na sy of haar goeiddunke enige aanstelling aldus gemaak terugtrek.
- (2) Geen persoon sal as 'n verkiesingsbeampste aangestel word of sodanige aanstelling aanvaar nie indien hy of sy;
 - (a) 'n kandidaat in die verkiesing is;
 - (b) 'n benoemde lid is van, of op die aanvullende lys vir aanstelling tot die oorgangsowerheid is;
 - (c) direk of indirek, met of sonder vergoeding deur enige party of kandidaat in verband met die verkiesing in diens geneem is; of
 - (d) 'n ampsbeker van 'n party is.
- (3) (a) Die kiesbeampste sal, waar toepaslik, een verkiesingsbeampste of meer aanwys as 'n adjunkstembeampste, voorsittende beampste, kiesbeampste, vertalingsbeampste of kiesersassistent soos bedoel in subregulasie (4), telbeampste, en/of ander

verkiesingsbeampte : Met dien verstande dat enige verkiesingsbeampte meer as een aanwysing gegee mag word.

- (b) Die kiesbeampte vir enige metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal een of meer adjunkvoorsittende beamptes ten opsigte van 'n stemburo aanwys.
 - (4) Die kiesbeampte sal verseker dat;
 - (a) nie minder nie as een verkiesingsbeampte wat in die amptelike taal vaardig is, te alle tye gedurende die stemming maklik beskikbaar is by elke stemburo; en
 - (b) voldoende verkiesingsbeamptes spesifiek aangestel, opgelei en toegewys is om ongeletterde, blinde of gebrekkige kiesers ingevolge regulasies 53, 58 en 59 by te staan.
 - (5) By die aanstelling en benoeming van verkiesingsbeamptes sal die kiesbeampte positiewe en regstellende pogings aanwend om rasse- en geslagsverteenvoerdiging te verseker.
 - (6) Die bepalings van hierdie regulasie is *mutatis mutandis* op die metropolitaanse kiesbeampte van toepassing.
 - (7) Verkiesingsbeamptes wat ingevolge hierdie regulasie aangestel is, sal onder die beheer wees en die instruksies uitvoer van die toepaslike aanstellingsbeampte.
- 32 (1) Die kiesbeampte sal aan elke verkiesingsbeampte 'n aanstellingsbrief ooreenkomstig die toepaslike vorm ER6 uitreik en sodanige aanstellingsbrief sal :
- (a) in die geval van 'n voorsittende beampte met die sluit van stemming in koevert ER7 ingevolge regulasie 62(3) ingesluit wees;
 - (b) in die geval van 'n kiesbeampte of ander verkiesingsbeampte toegewys aan 'n stemburo, aan die verantwoordelike voorsittende beampte vir ondertekening oorhandig word, nie later nie as die oomblik waarop sodanige kiesbeampte of ander verkiesingsbeampte eerste die stemburo binnegaan, en daarna behou deur sodanige kiesbeampte of ander verkiesingsbeampte totdat dit deur die voorsittende beampte vir insluiting in koevert ER7 soos bedoel by regulasie 62(3) benodig word;

- (c) in die geval van 'n telbeampte aan die kiesbeampte vir ondertekening oorhandig word nie later nie as die tydstip waarop sodanige telbeampte eerste die plek vir die tel van die stemme binnegaan, en daarna deur sodanige telbeampte behou totdat dit vir insluiting in die toepaslike koevert ER29 soos bedoel by regulasie 72(2)(b) benodig word; en
 - (d) in die geval van enige ander verkiesingsbeampte, op 'n tyd en plek deur sodanige kiesbeampte gespesifiseer vir ondertekening aan die kiesbeampte oorhandig word, en daarna deur die verkiesingsbeampte behou word totdat dit deur die kiesbeampte benodig word vir insluiting in die toepaslike koevert ER29 soos bedoel by regulasie 72(2)(b).
- (2) Elke verkiesingsbeampte sal, onderworpe aan enige opdrag deur die kiesbeampte uitgereik, die magte uitoefen en die pligte en funksies uitvoer soos deur hierdie regulasies aan hom opgedra en verplig, of soos deur die kiesbeampte aan hom toegewys.
- (3) (a) Indien die kiesbeampte afwesig of onbevoeg is of nalaat of weier om op te tree, sal die adjunkkiesbeampte die bevoegdhede, pligte en funksies wat deur wetgewing aan die kiesbeampte opgedra en verplig is, uitoefen.
- (b) Waar twee of meer adjunkkiesbeamptes aangewys is, plaas die kiesbeampte hulle tydens aanwysing volgens senioriteit in rangorde.

Verkiesingsbeamptes moet Onpartydig wees

- 33 Alle verkiesingsbeamptes sal streng onpartydigheid in die uitvoering in van hul magte en die uitvoering in van hul pligte en funksies handhaaf en sal deur niks in hul optrede, gedrag, manier of spraak rede gee tot die teendeel nie.

Agente en Bodes

- 34 (1) Elke kandidaat vir 'n wyk in 'n verkiesing en wie se naam op die stembriefie vir daardie stemburo voorkom, mag;
- (a) een algemene agent om hom of haar te verteenwoordig of hom of haar by enige sodanige stemburo en by die plek vir die tel van die stemme te vergesel;

- (b) nie meer nie as twee spesiale agente vir elke sodanige stemburo;
- (c) een spesiale agent en een bode om teenwoordig te wees by die plek vir die tel van die stemme; en
- (d) een bode vir elke sodanige stemburo;

aanstel:

Met dien verstande dat slegs een agent en een bode van enige kandidaat op dieselfde tyd in die stemburo toegelaat word, met dien verstande verder dat agente en bodes op die kieserslys van 'n oorgangsraad ingesluit moet wees.

- (2) Die bepaling van regulasie 34(1) is *mutatis mutandis* op elke party vir 'n verkiesing geregistreer en wie se naam op die stembrief vir daardie stemburo voorkom van toepassing: Met dien verstande dat enige verwysing na 'n algemene agent uitgelê word as verwysing na 'n partyvertegenwoordiger.
- (3)
 - (a) Elke kandidaat en elke party in 'n verkiesing sal, ten minste 14 werksdae voor verkiesingsdag, die kiesbeampte ooreenkomstig die toepaslike vorm ER8 skriftelik in kennis stel van die name, indien enige, van agente en bodes wat ingevolge regulasie 34(1) aangestel is.
 - (b) Die naam van enige behoorlik aangestelde agent mag met soortgelyke kennisgewing aan die kiesbeampte, nie later nie as die middag op die tweede dag voor verkiesingsdag, onttrek of vervang word.
- (4) Waar dieselfde stemburo gebruik word vir 'n verkiesing ten opsigte van 'n metropolitaanse oorgangsraad en 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal die bepaling van hierdie regulasie afsonderlik ten opsigte van elke sodanige verkiesing toegepas word.

Verklarings wat Verband hou met Geheimhouding

- 35 (1) Elke persoon wat daarop geregtig is om in 'n stemburo of die plek vir die tel van die stemme teenwoordig te wees behalwe as 'n kieser of as 'n polisiebeampte aan diens, sal 'n verklaring ooreenkomstig vorm ER9 aflê, in die geval van;

- (a) die kiesbeampste of 'n adjunkkiesbeampste, voor 'n Kommissaris van Ede;
 - (b) 'n voorsittende beampste, voor die kiesbeampste, 'n adjunkkiesbeampste of 'n Kommissaris van Ede; en
 - (c) enige ander persoon, voor die kiesbeampste, 'n adjunkkiesbeampste, 'n voorsittendebeampste of 'n Kommissaris van Ede.
- (2) Die verklaring soos beoog by subregulasie (1) sal;
- (a) in die geval van die kiesbeampste, in die toepaslike koevert ER29 ingevolge regulasie 72(2)(b) ingesluit wees;
 - (b) in die geval van 'n voorsittende beampste, oorhandig word aan die kiesbeampste wanneer sodanige voorsittende beampste voorsien word van sy verkiesingsmateriaal ingevolge regulasie 40, vir insluiting in die toepaslike koevert ER29 soos bedoel by regulasie 72(2)(b);
 - (c) in die geval van 'n kandidaat, agent of bode, oorhandig word aan die kiesbeampste ingevolge regulasie 34(3) tesame met die toepaslike vorm ER8, vir insluiting in die toepaslike koevert ER29 soos bedoel by regulasie 72(2)(b);
 - (d) in die geval van enige ander persoon, oorhandig word aan die kiesbeampste op 'n tyd en plek deur daardie kiesbeampste gespesifiseer, vir insluiting in die toepaslike koevert ER29 soos bedoel by regulasie 72(2)(b) of, indien geen tyd of plek gespesifiseer is nie, oorhandig word aan;
 - (i) die voorsittende beampste wanneer sodanige persoon vir die eerste keer die stemburo betree, vir insluiting in koevert ER7 soos bedoel by regulasie 72(2)(b); of
 - (ii) die kiesbeampste wanneer sodanige persoon die eerste keer die plek betree waar stemme getel word, vir insluiting in die toepaslike koevert ER29 soos bedoel by regulasie 72(2)(b).

HOOFSTUK 8

VOORBEREIDING VIR VERKIESING**Druk van Stembriewe vir Wyke**

- 36 (1) Onmiddellik nadat die kiesbeampte die name van kandidate wie se nominasie vir verkiesing in 'n wyk kragtens regulasie 29(4) aanvaar en met betrekking tot wie 'n verkiesing gehou sal word op verkiesingsdag, aangekondig het, sal die kiesbeampte 'n voldoende aantal stembriewe op wit papier ooreenkomstig vorm ER(3)(A) laat druk vir gebruik in 'n verkiesing volgens wyke.
- (2) Elke stembrief gedruk kragtens regulasie 36(1) sal;
- (a) die naam van elke kandidaat in alfabetiese volgorde van die vanne soos vermeld op die nominasievorms bevat en, indien daar twee of meer kandidate met dieselfde van is, hulle name in alfabetiese volgorde; en
 - (b) langs die naam van elke kandidaat die onderskeidende merk of simbool van daardie kandidaat, indien enige, ooreenkomstig regulasie 29(4)(e) bevat; en
 - (c) op die teenblad opeenvolgend genummer wees met die nommer van sodanige teenblad op die voorkant van die teenblad.
- (3) 'n Aparte reeks stembriewe met opeenvolgend genummerde teenblaaië sal vir elke wyk gedruk word.

Druk van Stembriewe vir Proporsionele Verteenwoordiging

- (4) Onmiddellik na die verklaring soos bedoel by regulasie 26(2) deur die kiesbeampte van die name van die partye wie se nominasies aanvaar is en ten opsigte waarvan 'n verkiesing op verkiesingsdag gehou sal word sal;
- (a) die kiesbeampte ooreenkomstig vorm ER3(B) vir gebruik in 'n verkiesing volgens proporsionele verteenwoordiging in 'n plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur, na gelang van die geval, 'n voldoende aantal stembriewe op geel papier laat druk; en

- (b) die metropolitaanse kiesbeampte ooreenkomstig vorm ER3(B) vir gebruik in 'n verkiesing volgens proporsionele verteenwoordiging in 'n metropolitaanse oorgangsraad, 'n voldoende aantal stembriewe op groen papier laat druk.
- (5) Elke stembrief ingevolge regulasie 36(4)(a) en 36(4)(b) gedruk, sal;
 - (a) die name van die betrokke partye soos vermeld op die nominasievorms in alfabetiese volgorde bevat en, indien daar twee of meer partye met dieselfde eerste naam is, hul ander name in alfabetiese volgorde en, indien daar twee of meer partye met dieselfde eerste letter van die alfabet is, in alfabetiese volgorde van die tweede en indien nodig, daaropvolgende letters;
 - (b) langs elke sodanige naam, die onderskeidende merk of simbool indien enige van daardie party, soos ooreenkomstig regulasie 26(2)(d) vertoon, bevat; en
 - (c) op die teenblad vanaf een opeenvolgend genommer wees met die nommer van die teenblad op die voorkant van die teenblad.
- (6) 'n Aparte reeks stembriewe met opeenvolgend genommerde teenblaaië sal vir elke oorgangsraad gedruk word.
- (7) Vir doeleindes van regulasie 36(5)(a) sal die aanvangsletter van die alfabet in die alfabetiese volgorde bepaal word deur die naam van die party eerste getrek deur loting uitgevoer ooreenkomstig regulasie 73(1)(b)(i) tot en met (iii) deur die kiesbeampte in die aanwesigheid van die gemagtigde verteenwoordigers van nie minder nie as die helfte van geregistreerde partye, of indien sodanige aantal versuim om teenwoordig te wees na 'n skriftelike uitnodiging, in die teenwoordigheid van sodanige verteenwoordigers wel teenwoordig plus nie minder nie as vyf onafhanklike getuies, indien nodig, deur die kiesbeampte uitgenooi.

Stembusse

- 37 (1) Die kiesbeampte sal voor verkiesingsdag 'n voldoende aantal stembusse voorsien of reël dat dit voorsien word.
- (2) Elke stembus sal;
 - (a) oor 'n deksel met skamiere daaraan vasgeheg, beskik;

- (b) oor 'n groot genoeg gleuf beskik om die plasing van stembriewe daarin toe te laat;
- (c) so saamgestel en van sodanige materiaal vervaardig wees dat stembriewe nie daaruit verwyder kan word sonder om die deksel daarvan oop te maak nie;
- (d) van 'n slot of ander toestel ten einde dit te sluit wanneer toegemaak voorsien wees;
- (e) aan die buitekant duidelik met 'n nommer of simbool uniek aan daardie bus gemerk wees op so 'n wyse dat dit nie gereedelik uitgewis of verwyder kan word nie; en
- (f) aan die buitekant duidelik en noukeurig gemerk wees op 'n wyse wat onafhanklike identifikasie;
 - (i) van die naam van die betrokke oorgangsraad;
 - (ii) van die betrokke wyk; en
 - (iii) van 'n gekombineerde stembus vir 'n verkiesing volgens wyke en volgens proporsionele verteenwoordiging; of
 - (iv) van 'n stembus slegs vir 'n verkiesing volgens proporsionele verteenwoordiging vir 'n metropolitaanse oorgangsraad,

toelaat.

Amptelike Merk en Instrumente

38 (1) Die kiesbeampte sal voor verkiesingsdag;

- (a) besluit oor die amptelike merk of merke wat op stembriewe geplaas word;

- (b) 'n voldoende aantal instrumente voorsien vir die plasing van sodanige merk of merke op stembriewe; en
 - (c) elke instrument in 'n toepaslik aparte koevert ER10 plaas en met sy amptelike seël verseël voor oorhandiging aan 'n voorsittende beamppte, soos bedoel by regulasie 40.
- (2) Die kiesbeamppte sal aan geen persoon hoegenaamd enige besonderhede van die amptelike merk of merke deur hom besluit, meedeel nie.

Bepaling van Tyd en Plek vir Telling en van Plek vir Aflowering van Verkiesingsmateriaal

39 Die kiesbeamppte sal voor verkiesingsdag;

- (a) die plek of plekke, datum en tyd vir die tel van stemme, wat 'n aanvang sal neem nie later nie as 09:00 op die dag onmiddellik na die verkiesing bepaal, en skriftelike kennis daarvan aan elke kandidaat, party en algemene agent gee;
- (b) elke voorsittende beamppte op vorm ER11 in kennis stel van die plek of plekke waar stembusse en ander verkiesingsmateriaal afgelewer moet word aan sodanige kiesbeamppte na die sluiting van stemlokale; en
- (c)
 - (i) skriftelik 'n adjunkstembeamppte aanstel om namens hom of haar op te tree in enige geval waar sodanige kiesbeamppte besluit het dat 'n plek of plekke vir stemtelling nie onder sy of haar direkte toesig en beheer sal wees nie; en
 - (ii) elke adjunkkiesbeamppte skriftelik in kennis stel van die plek waar die uitslag van die telling ooreenkomstig regulasie 81 en die verkiesing materiaal aan die kiesbeamppte na voltooiing van die telling gelewer moet word.

Voorsiening van Verkiesingsmateriaal

- 40 (1) Die kiesbeamppte sal nie later nie as 17:00 op die dag voor die verkiesing aan elke voorsittende beamppte die volgende verkiesingsmateriaal vir gebruik by sy of haar stemlokaal voorsien;
- (a) 'n lys van die kandidate vir die wyk toegeken aan sodanige voorsittende beamppte;

- (b) 'n lys van die partye vir die verkiesing;
- (c) 'n lys van kandidate en party-agente en bodes wie se name met betrekking tot sy stemlokaal op die toepaslike vorm ER8 ingevolge regulasie 34 oorhandig en in verband met wie 'n vorm ER9 ingevolge regulasie 35 oorhandig is, voorkom;
- (d) een kopie van die kieserslys of toepaslike deel daarvan wat die name van stemgeregtigdes by sy stemlokaal bevat;
- (e) 'n kopie van hierdie regulasies;
- (f) drie kopieë van elke plakkaat soos bedoel in regulasie 46;
- (g) 'n voldoende aantal stembusse soos benodig, ingevolge regulasie 37 geïdentifiseer en gemerk;
- (h) 'n voldoende voorraad stembriewe;
- (i) 'n voldoende voorraad instrumente vir die plasing van die amptelike merk op stembriewe, elk in 'n aparte koevert ER10;
- (j) een amptelike seël;
- (k) 'n voldoende voorraad vorms, koeverte en etikette ER7 en ER12 tot en met die toepaslike vorm ER25;
- (l) 'n voldoende aantal penne en potlode vir die merk van stembriewe;
- (m) 'n voldoende aantal potlode, potloodskerpmakers, liniale, sny-instrumente, ink en inkkussings, koeverte, seëlwas of ander seëlmateriale, vuurhoutjies, bande, bruinpapier, kartonhouers, sakke, kleefband, lyn, gom, drukspykers, kerse, tou of band en ander materiale nodig vir die instandhouding van die identiteit van die binne-omtrek van die stemgebied, en waar van toepassing deur die kiesbeampte beskou, een of meer funksionerende batteryflits; en

- (2) By ontvangs van die stembriewe vanaf die kiesbeampte sal die voorsittende beampte in die teenwoordigheid van die kiesbeampte onmiddellik die teenbladnommers van die stembriewe ontvang op vorm ER20 aanteken en 'n kwitansie vir die ontvangs van alle stemmateriaal in terme van subregulasie (1) waarop die volgorde van die reeksnommers op die teenblaai van die stembriewe ontvang asook die merke en simbole van stembusse soos bedoel by regulasie 37(2)(e), ontvang aangebring is, uitreik. Die voorsittende beampte sal 'n afskrif van die kwitansie deur die kiesbeampte onderteken, behou.
- (3) (a) Die metropolitaanse kiesbeampte sal nie later nie as 12:00 op die dag voor Verkiesingsdag aan elke kiesbeampte die verlangde aantal stembriewe voorsien soos bedoel in regulasies 36(4)(b), (5) en (6), waarvan die aantal skriftelik deur sodanige kiesbeampte aan die metropolitaanse kiesbeampte gespesifiseer sal word nie later nie as die tydstop van goedkeuring en registrasie van partye kragtens regulasie 26.
- (b) Elke kiesbeampte sal aan die metropolitaanse kiesbeampte 'n kwitansie gee waarop die reeksnommers van die teenblaai van die stembriewe aan hom voorsien ingevolge subregulasie (3)(a), aangebring is en sal 'n duplikaat van sodanige kwitansie deur die metropolitaanse kiesbeampte onderteken, behou.

HOOFSTUK 9

BEHEER, VOORBEREIDING EN OPENING VAN STEMLOKALE

Stemgebiede

41 (1) 'n Stemgebied sal bestaan uit:

- (a) 'n Stemburo wat 'n plek is wat deur die kiesbeampte aangewys is, waarbinne 'n kieser toegelaat sal word om sy of haar stem uit te bring;
- (b) 'n binne-omtrek rondom die stemburo aangrens met 'n omtrek met 'n radius van 500 meter, of sodanige vorm of kleiner gebied as wat prakties genoodsaak word, deur die kiesbeampte toegewys en duidelik met grense deur die kiesbeampte afgebaken;

- (i) waarbinne persone toegelaat sal word vir stembedoeleindes;
 - (ii) waarbinne alle politieke aktiwiteit anders as stemming verbied is;
 - (iii) waarvandaan persone behalwe dié bedoel in regulasie 42(1),(2) en (3), uitgesluit is; en
- (c) 'n beheerde gebied rondom die stemburo omgrens met 'n omtrek met 'n radius van 1 000 meter, of sodanige vorm of kleiner gebied as wat prakties genoodsaak word, deur die kiesbeampte toegewys ten opsigte waarvan 'n voorsittende beampte alle politieke aktiwiteit behalwe stemming, mag verbied.
- (2) Vir doeleindes van subregulasie (10)(b)(ii), sluit politieke aktiwiteit in;
- (a) die dra of vertoon van enige armband of roset ontwerp of bedoel om 'n besondere persoon met 'n besondere party of simbool te identifiseer;
 - (b) die vertoon of verspreiding van enige plakkaat, banier, pamflet, omsendskrywe of brief bedoel of daarop gerig is om 'n kieser te beïnvloed om vir 'n spesifieke kandidaat of party te stem;
 - (c) die maak van enige aankondiging, lewer van enige toespraak of hardop lees van enige toespraak of brief bedoel of daarop gerig is om 'n kieser te beïnvloed om vir 'n spesifieke kandidaat of party te stem; en
 - (d) steunwerwing vir enige kandidaat of party;
- (3) (a) Die kiesbeampte sal, onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies die getal en plekke van stemburo's binne elke wyk en met in agneming van die getal kiesers, toeganklikheid, sekuriteit, beskikbaarheid van geskikte plekke en ander soortgelyke faktore wat die suksesvolle en behoorlike voer van die verkiesing kan beïnvloed, bepaal.
- (b) Ten minste een stemburo sal vir elke wyk of elke deel van 'n wyk bepaal word.
- (c) In die afwesigheid van 'n spesifieke of algemene skriftelike vergunning deur die Premier tot die teendeel daarvan,

- (i) sal aan geen stemburo in 'n wyk kragtens regulasie 16(1)(b) afgebaken, 'n deel van die kieserslys wat meer as 2 500 ingeskrewe kiesers bevat, toegeken word nie; en
 - (ii) sal aan geen stemburo in 'n wyk ingevolge regulasie 16(1)(a) afgebaken, 'n deel van die kieserslys wat meer as 4 000 ingeskrewe kiesers bevat, toegeken word nie.
- (4) Die kiesbeampte vir 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal toesien dat elke stemburo vir doeleindes van 'n verkiesing vir 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur en 'n metropolitaanse oorgangsraad toegewys en gebruik word.
- (5) Die kiesbeampte sal toesien dat daar aan die bepalings van regulasie 3(6) voldoen word.
- (6) Die Premier mag nie later nie as 40 dae voor verkiesingsdag die kiesbeampte beveel om die getal of die ligging van stemburo's bedoel in subregulasie (3), te vermeerder.
- (7) Nie later nie as sestig dae voor verkiesingsdag, sal elke kiesbeampte 'n lys met stemburo's en hul adresse publiseer en 'n kopie van sodanige lys by 'n plek of plekke deur hom of die verkiesingskomitee soos bedoel in regulasie 90, bepaal vir openbare inligting vertoon tot die dag na verkiesingsdag : Met dien verstande dat die kiesbeampte die lys op soortgelyke wyse mag aanvul, publiseer en in stand hou na oorlegpleging met die verkiesingsbeampte, nie later nie as 40 dae voor verkiesingsdag.

Sekere magte in verband met Stemgebied

- (8) Die voorsittende beampte by 'n stemlokaal aangestel sal bevoeg wees om;
- (a) sekere stappe te neem en sodanige aanwysings te gee as wat nodig mag wees vir die ordelike verloop van stemming en die doeltreffende verloop van die verkiesing en die nakoming van hierdie regulasies, insluitende beheer oor die aantal kiesers wat op 'n keer toegelaat word tot die stemlokaal en die binne-omtrek; en

- (b) alle persone behalwe die ingevolge regulasie 42 toegelaat, die stemlokaal en binne-omtrek te verbied.
- (9) Onderworpe aan regulasie 42, sal geen persoon 'n stemlokaal of binne-omtrek sonder die toestemming van die voorsittende beampte betree of daarin vertoef nie.
- (10) Die voorsittende beampte sal alle redelike stappe vir die beskerming van persone en eiendom en vir die voorkoming van geweld of oproerigheid in of in die omgewing van die stemlokaal tref.
- (11) Die magte deur subregulasie (8), (9) en (10) verleen, sal nie so uitgevoer word dat enige stemgeregtigde persoon die geleentheid ontnem word om sy of haar stem uit te bring nie.
- (12) Die bepalings van hierdie regulasie sal nie so vertolk word dat enige bevoegdhede, pligte en funksies aan die kiesbeampte toegewys of voorgeskryf deur enige ander bepaling van hierdie regulasies beperk word nie.

Persone wat Stemlokale mag Betree

- 42 (1) Slegs die volgende persone mag 'n stemlokaal of binne-omtrek ingevolge regulasies 4(1)(a) en (b) aangewys, betree;
- (a) die kiesbeampte;
 - (b) behoorlik aangestelde verkiesingsbeamptes;
 - (c) polisiebeamptes aan diens;
 - (d) die kandidate;
 - (e) enige persoon wie se naam met betrekking tot sodanige stemlokaal in die lys bedoel in regulasie 40(1)(c) voorkom; en
 - (f) kiesers vir die doel van stemming by sodanige stemlokaal; of
 - (g) 'n persoon kragtens regulasie 58(1) toegelaat.

- (2) Slegs die persone bedoel in subregulasie 1(a) tot en met (e) mag 'n stemlokaal betree voor die aanvangstyd van stemming of daarin vertoef na die sluiting daarvan.
- (3) Ondanks die bepalings van hierdie regulasie mag die kiesbeampte ander benoemde of spesifieke persone met spesifieke verantwoordelikhede skriftelik magtig om 'n stemlokaal of die binne-omtrek van sodanige stemlokaal te betree op sodanige voorwaardes as wat sodanige beampte nodig of geskik mag vind.
- (4) Alle persone insluitend polisiebeamptes aan diens, kandidate en agente wat op toegang tot 'n stemburo of binne omtrek daarvan geregtig of daartoe gemagtig is, is aan die gesag, beheer en voorskrifte van die voorsittende beampte onderhewig.

Toerusting en Meubels vir Stemlokale

- 43 (1) Die kiesbeampte sal toesien dat die volgende toerusting en meubels vir elke stemlokaal voor die aanvangstyd van stemming voorsien word;
 - (a) voldoende aantal tafels en stoele vir kiesbeamptes en agente vir die kandidate en partye;
 - (b) voldoende aantal stemkompartemente elk met 'n skryfoppervlakte; en
 - (c) stembusse ingevolge regulasie 40(1)(g).
- (2) Die kiesbeampte sal nie toerusting of meubels buite die stemlokaal aan enige kandidaat, party of agent voorsien nie.

Rangskikking Binne 'n Stemlokaal

- 44 (1) Elke stemlokaal sal so gerangskik wees dat;
 - (a) daar een of meer verkiesingsbeamptes by die ingang van die stemlokaal en/of binne-omtrek sal wees om te verseker dat elke persoon wat wens om die stemlokaal en/of binne-omtrek te betree, in besit van 'n identiteitsdokument is;
 - (b) daarna, tydens toelating tot die stemlokaal, die kieser eers verwys sal word na 'n aanliggende plek waar stembriewe uitgereik kan word vir die verkiesing van

raadslede vir wyke en vir die verkiesing van raadslede volgens proporsionele verteenwoordiging vir 'n plaaslike oorgangsraad of metropolitaanse oorgangsubstruktuur, na gelang van die geval en waar die stem vir sodanige verkiesing deur die kieser uitgebring en gedeponeer sal word;

- (c) daarna, onderhewig aan die bepalings van regulasie 44(3) sal die kieser na 'n aanliggende uitgang afsonderlik van die ingang verwys word; en
 - (d) daar een of meer verkiesingsbeamptes of polisiebeamptes aan diens sal wees by sodanige uitgang om te verseker dat geen persoon by sodanige uitgang kan binnekom nie.
- (2) Waar 'n persoon soos bedoel in subregulasie 44(1)(a) nie die nodige identiteitsdokument toon nie, sal so 'n persoon nie toegelaat word om die stemlokaal te betree nie of, indien reeds binnegegaan is, sal hy of sy onmiddellik deur 'n verkiesingsbeampte of polisiebeampte aan diens uit die stemlokaal na die uitgang begelei word.
- (3) Waar die verkiesing vir 'n metropolitaanse oorgangsraad uitgevoer word binne dieselfde stemlokaal as die verkiesing vir 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur;
- (a) 'n kieser wat 'n stem uitgebring het ingevolge regulasie 44(1)(b) sal direk daarna na die plek in regulasie 44(3)(b) bedoel, verwys word;
 - (b) die plek waar 'n stembrief uitgereik en die stem uitgebring en gedeponeer word deur die kieser vir sodanige metropolitaanse oorgangsraadsverkiesing, sal duidelik apart gehou word van die plek waarna verwys word in regulasie 44(1)(b), maar geleë in 'n posisie voor die uitgang bedoel in regulasie 44(1)(c); en
 - (c) sal die voorsittende beampte alle verkiesingsmateriaal soos bedoel by regulasie 40 en uitgereik met betrekking tot sodanige metropolitaanse oorgangsraad, te alle tye apart van enige ander verkiesingsmateriaal in sodanige stemlokaal hou en beheer, totdat dit deur die betrokke gemagtigde kiesbeampte onder bewaring geneem word.

Ure van stemming en Aankoms by Stemlokaal

- 45 (1) Die stemming begin om 07:00 en duur tot 22:00 op verkiesingsdag.
- (2) Die voorsittende beampte, kiesbeamples en enige ander verkiesingsbeampte spesifiek deur die kiesbeampte daartoe aangewys, sal ten minste sestig minute voor die aanvangstyd van stemming in die stemlokaal wees.

Plakkaat buite Stemlokaal

- 46 Die kiesbeampte plaas voordat stemming 'n aanvang neem, in 'n opvallende posisie buite die stemlokaal;
- (1) plakkaat ER 14(A) wat vermeld dat dit 'n stemlokaal vir die verkiesing is, die ure van stemming, die naam van die oorgangsraad, die wyk en stemburo waarvoor stemming ooreenkomstig wyke sal plaasvind; en
- (2) waar toepaslik, plakkaat ER 14(B) wat vermeld dat dit 'n stemlokaal vir die verkiesing is, die ure van stemming, die naam van die metropolitaanse oorgangsraad, wyk en stemburo vir wie stemming volgens proporsionele verteenwoordiging sal plaasvind; en
- (3) plakkaat ER 13 wat vermeld dat rook of die aansteek van vuurhoutjies of aanstekers in die stemlokaal verbode is.

Voorbereiding van Stemkompartemente

- 47 Die voorsittende beampte sal, voor die aanvang van stemming:
- (a) elke stemkompartement rangskik sodat geen persoon;
- (i) dit kan binnekom of verlaat sonder om gesien te word deur die voorsittende beampte of ander verkiesingsbeamples deur hom gemagtig nie; of
- (ii) kan waarneem hoe 'n ander persoon 'n stem uitbring nie;
- (b) vorm ER 12(A) en (B) binne elke stemkompartement aanbring in 'n posisie sigbaar vir 'n kieser wat sodanige kompartement betree; en

- (c) 'n pen of behoorlik skerpgemaakte potlood deur middel van tou aan die skryfoppervlak in elke kompartement vasheg.

Seël van Stembusse

- 48 (1) Die voorsittende beampte sal, nie meer as dertig minute voordat stemming 'n aanvang neem nie;
- (a) bevestig en verseker dat alle stembusse gemerk is soos voorgeskryf by regulasie 37(2)(e) en (f) en regulasie 43(1)(c);
- (b) aan persone teenwoordig binne die stemlokaal toon dat elke stembus leeg is;
- (c) elke stembus toemaak en sluit;
- (d) die deksel van elke stembus stewig sluit en met seëlwas sy amptelike seël aanbring, elke stembus seël en die sleutel, indien enige, aan die kant van die bus heg op so 'n wyse dat sodanige deksel nie geopen of sodanige sleutel nie verwyder kan word sonder dat die seël gebreek of beskadig word nie; en
- (e) die kandidate of die agente teenwoordig toelaat om hul eie seëls aan alle of enige stembus aan te bring indien so verlang.
- (2) In die geval waar addisionele stembusse agterna by die stemlokaal afgelewer en deur die voorsittende beampte aanvaar sal die prosedure uiteengesit in regulasie 48(1)(a) tot en met (e) onmiddellik na sodanige aflewering gevolg word, en sal die voorsittende beampte die stemburo tydelik sluit vir sodanige beperkte tydperk as wat redelikerwys nodig is om hieraan te voldoen..
- (3) Nadat die stembusse geseël is sal dit nie;
- (a) oopgemaak word behalwe soos voor voorsiening gemaak word in regulasie 69 nie; of
- (b) van die stemlokaal verwyder word behalwe soos voorgeskryf by regulasie 63(1) nie.

- (4) Die voorsittende beampte sal elke stembus in 'n opvallende posisie plaas waar dit te alle tye deur hom of haar of enige ander verkiesingsbeampte deur hom gemagtig, gesien kan word.

Opening van Stemlokale en Amptelike Merk-koeverte

- 49 (1) Die voorsittende beampte sal verseker dat die stemlokaal geopen word op die tydslip waarop stemming moet begin.
- (2) Die voorsittende beampte sal, op die tydslip waarop stemming moet begin, slegs soveel koeverte wat instrumente vir die plasing van die amptelike merk op stembriewe bevat, oopmaak as wat nodig is vir die stemming.

HOOFSTUK 10

HOU VAN STEMMING

Periodieke Inspeksie van Stemburo en Stemkompartemente

- 50 (1) Die voorsittende beampte sal periodiek gedurende die verloop van die verkiesing sorg dat die stemburo geïnspekteer word om te verseker dat voldoen word aan die bepalings van hierdie regulasies en dat:
 - (a) die plakkate soos voorgeskryf by regulasies 46 steeds in posisie is en nie beskadig of ontsier is nie;
 - (b) die stemkompartemente nog steeds gerangskik is soos voorgeskryf by regulasie 47(a); en
 - (c) die stembusse steeds in die posisie is soos voorgeskryf by regulasie 48(4).
- (2) Die voorsittende beampte sal periodiek gedurende die verloop van die verkiesing sorg dat elke stemkompartement geïnspekteer word wanneer dit nie beset is nie om te verseker dat:
 - (a) die vorm ER12(A) en (B) steeds in posisie is en nie beskadig of ontsier is nie;

- (b) 'n pen of behoorlik skerpgetrepte potlood steeds aan die skryfoppervlak geheg is; en
 - (c) geen ander kennisgewing, dokument, teken, geskrif of simbool in sodanige stemkompartement is nie.
- (3) Die voorsittende beampte sal periodiek gedurende die verloop van die verkiesing sorg dat die binne-omtrek geïnspekteer word om te verseker dat daar voldoen word aan die bepalings van hierdie regulasies en dat die grense van sodanige binne-omtrek korrek en duidelik afgebaken is.

Toelating tot Stemkompartemente

- 51 Behoudens die bepalings van regulasies 50(2) en 58, sal niemand anders as 'n kieser wat wil stem, 'n stemkompartement betree nie, en nie meer as een kieser sal op enige tydstip in 'n stemkompartement wees nie.

Inmenging met Kiesers

- 52 Geen persoon sal, behalwe soos waarvoor in hierdie regulasies voorsiening gemaak is, 'n kieser nader, met hom inmeng, met hom praat of hom bystaan vandat sodanige kieser 'n stembrief of -briewe ontvang het, totdat sodanige kieser sodanige stembrief of -briewe in die toepaslike stembus of -busse geplaas het nie.

Vrae aan Kiesers

- 53 (1) Die voorsittende beampte mag, en sal, indien daartoe versoek deur enige kandidaat of agent, aan die persoon wat om 'n stembrief aansoek doen, in die teenwoordigheid van ten minste twee kandidate of agente, die vrae in vorm ER15 uiteengesit, stel en mag die voorsittende beampte indien dit na sy oordeel toepaslik is die belang en inhoud van vorm ER15 verduidelik.
- (2) Die voorsittende beampte mag na goeë dunnke die antwoorde van die persoon op vorm ER15 aanteken en van sodanige persoon eis dat hy die verklaring aflê en onderteken of sy, of haar merk daarop aan te bring.

- (3) Geen persoon bedoel in subregulasie (1) sal toegelaat word om te stem nie tensy hy of sy die eerste vraag duidelik en beslis positief beantwoord en die tweede en derde vrae duidelik en beslis negatief beantwoord wanneer hy daarom gevra word deur die voorsittende beampte, en daarna die verklaring afgelê en dit onderteken het nie of sy of haar merk daarop aangebring het.
- (4) Geen navraag anders as dié beoog by subregulasie (1) sal by enige stemming na die reg van enige persoon om te stem, gedoen word nie.
- (5) Waar 'n persoon bedoel in subregulasie 53(1) weier of nalaat om 'n vraag te beantwoord of 'n verklaring af te lê of te onderteken of sy of haar merk daarop aan te bring soos vereis in regulasie 53(3), mag daardie persoon deur die voorsittende beampte beveel word om die stemburo te verlaat waarna hy direk uit die stemburo vanaf die uitgang begelei sal word deur 'n verkiesingsbeampte of polisiebeampte wat aan diens is.
- (6) Wanneer 'n persoon namens 'n bepaalde kieser by 'n verkiesingsbeampte om 'n stembrief aansoek doen en 'n streep reeds deur die naam en nommer van die bepaalde kieser op die kieserslys getrek is en die verkiesingsbeampte rede het om te glo dat 'n stembrief reeds in die bepaalde naam uitgereik is, sal die kiesbeampte aan die persoon wat aansoek om die stembrief doen, die vrae soos in vorm ER15 uiteengesit, stel, die nommer van die teenblad van enige stembrief uitgereik, asook die antwoorde van die aansoeker op vorm ER15 aanteken en van die aansoeker vereis om die verklaring te maak en te onderteken. Die bepalings van subregulasie (3) tot en met (5), sal *mutatis mutandis* van toepassing wees.

Uitreiking van Stembriewe

- 54 (1) 'n Verkiesingsbeampte by wie 'n persoon aansoek doen om 'n stembrief, sal die persoon versoek om sy identiteitsdokument te vertoon en sy naam en adres te verskaf, en sal oortuig wees dat;
- (a) in die geval van 'n stembrief vir die verkiesing van raadslede in wyke, sodanige persoon se naam op die kieserslys vir daardie stemburo verskyn;
- (b) in die geval van 'n stembrief vir die verkiesing van raadslede volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging, sodanige persoon se naam in die kieserslys vir daardie stemburo vir die betrokke oorgangsraad verskyn; en

- (c) die tipe stembrief waarom aansoek gedoen word, nie reeds by daardie stemburo in die naam van die betrokke kieser nie uitgereik is nie.
- (2) Indien 'n verkiesingsbeampte soos bedoel by regulasie 54(1) aldus oortuig is of indien die voorsittende beampte so beveel, sal die verkiesingsbeampte in die geval van elke stembrief;
- (a) die reeksnommer en naam van die kieser soos aangedui in die kieserslys, uitroep;
 - (b) daardie nommer op die teenblad van die stembrief aanbring;
 - (c) 'n streep deur die naam en nommer van die betrokke kieser in die kieserslys trek om aan te toon;
 - (i) dat 'n stembrief in daardie naam uitgereik is; of
 - (ii) waar 'n enkele kieserslys gebruik word vir die uitreiking van 'n stembrief vir die verkiesing van raadslede in wyke en vir die uitreiking van 'n stembrief vir die verkiesing van raadslede volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging vir 'n plaaslike oorgangsraad of 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur, dat twee stembriewe in daardie naam uitgereik is;
 - (d) elke sodanige stembrief uitskeur en dit met die amptelike merk in die ruimte wat agterop daarvoor aangebring is, merk;
 - (e) elke sodanige stembrief een keer in die lengte en daarna dwars vou sodat die amptelike merk aan die buitekant is; en
 - (f) elke sodanige stembrief oopvou en dit aan die betrokke kieser oorhandig.

Bystand aan kiesers deur Verkiesingsbeamptes

55 'n Verkiesingsbeampte mag;

- (a) 'n kieser na 'n stemkompartement of stemtafel langsaan verwys;

- (b) 'n kieser inlig dat aanwysings om bystand binne die stemkompartemente aangebring is;
- (c) in enige geval indien hy of sy dit nodig ag, 'n kieser inlig dat hy of sy bystand mag vra van 'n verkiesingsbeampte soos bedoel by regulasies 31(4) of 58, en sodanige kieser na sodanige beampte begelei;
- (d) 'n kieser beveel waar om stembriewe te deponeer nadat daardie kieser sy stemreg uitgeoefen het; of
- (e) 'n kieser na die uitgang van die stemburo verwys nadat sodanige kieser die stemproses voltooi het.

Merk en Verwydering van Stembriewe

- 56 (1) 'n Kieser aan wie 'n stembrief uitgereik is, sal;
- (a) onmiddellik na 'n onbesette stemkompartement gaan;
 - (b) sodra binne 'n stemkompartement sonder verwyd in die geheim 'n kruisie of 'n duidelike aanduiding deur middel van 'n merk of skrifbeeld anders as 'n kruisie op die stembrief in die blok teenoor die naam en simbool van die kandidaat vir wie hy of sy wens in 'n wyksverkiesing te stem maak, asook op die stembrief in die blok teenoor die naam en simbool van die party vir wie hy of sy wens te stem in 'n verkiesing volgens proporsionele verteenwoordiging;
 - (c) die stembriewe so vou dat die amptelike merk aan die buitekant is;
 - (d) die amptelike merk op die stembrief of -briewe aan die voorsittende beampte of aan enige ander verkiesingsbeampte deur sodanige voorsittende beampte daartoe gemagtig, toon en daardie stembrief of briewe in die toepaslike stembus plaas; en
 - (e) onmiddellik die stemburo deur die uitgang verlaat.
- (2) Geen stembrief sal uit die stemburo verwyder word behalwe soos voorgeskryf by regulasie 63(1) nie.

Inspeksie van Stembriewe en Stembriewe sonder Amptelike Merk

- 57 (1) Indien 'n verkiesingsbeampte enigszins twyfel of 'n stembrief in besit van enige persoon regmatig aan sodanige persoon uitgereik is, mag daardie verkiesingsbeampte hom vra om die rugkant van sodanige stembrief te toon sodat die amptelike merk daarop sigbaar is.
- (2) Die voorsittende beampte sal toesien dat die amptelike merk op enige stembrief waarop dit weggelaat is, aangebring word, indien hy of sy tevrede is dat sodanige stembrief andersins behoorlik uitgereik is en nog nie in die stembus geplaas is nie.

Ongeletterde, Blinde of Gestremde Kiesers

- 58 (1) By versoek aan die voorsittende beampte deur 'n kieser wat;
- (a) nie in staat is om 'n stembrief te bekom op die wyse soos bedoel in regulasie 54 nie of nie in staat is om te stem op die wyse soos bedoel in regulasie 56 nie omrede daardie kieser ongeletterd, blind, gebreklik of andersins fisies gestremd is; en
- (b) vergesel is of bygestaan word deur 'n ander persoon wat die ouderdom van agtien jaar bereik het of wat na die mening van die voorsittende beampte die ouderdom van agtien jaar bereik het,
- sal die voorsittende beampte as hy of sy tevrede is dat dit die wens van daardie kieser is, aan daardie kieser toestemming verleen om 'n stembrief of briewe te bekom en slegs met die hulp en in die teenwoordigheid van daardie ander persoon te stem, in welke geval enigiets wat deur daardie ander persoon op versoek of met die uitdruklike of stilswyende toestemming van die kieser in verband met die uitoefening van die stem van die betrokke kieser gedoen is, beskou word asof dit deur daardie kieser self gedoen is.
- (2) Indien enige kieser nie in staat is om 'n stembrief te bekom op die wyse in regulasie 54 voorgeskryf nie, of nie in staat is om te stem op die wyse in regulasie 56 voorgeskryf nie, omdat sodanige kieser ongeletterd, blind, gebreklik of andersins fisies gestremd is, en tensy 'n'aansoek in terme van regulasie 58(1) gedoen is, sal die

voorsittende beampte of sy gematigde verteenwoordiger op versoek van daardie kieser en in teenwoordigheid van slegs daardie agente wat teenwoordig is;

- (a) 'n stembrief of -briewe vir daardie kieser in terme van regulasie 54 bekom;
 - (b) die stem van sodanige kieser op die stembrief of -briewe op die wyse soos deur die kieser aangedui aangebring;
 - (c) daardie stembrief of -briewe opvou soos in hierdie regulasies vereis; en
 - (d) daardie stembrief of -briewe in die toepaslike stembus plaas.
- (3) Enigiets deur 'n beampte ingevolge subregulasie (2) op die versoek of met die uitdruklike of stilswyende toestemming van die kieser in verband met die uitbring van die stem van die betrokke kieser gedoen, sal beskou word asof dit deur sodanige kieser self gedoen is.

Beswaar teen Kieser

- 59 (1) Enige kandidaat, kandidaatsagent of kieser mag, deur 'n verklaring onder eed of bevestiging in ooreenstemming met vorm ER16 voor die voorsittende beampte gemaak, beswaar aanteken teen 'n persoon in die stemburo wat enige stem uitbring op grond daarvan dat daardie persoon nie die kieser is in wie se naam sodanige persoon aansoek gedoen het om, of uitgereik is met, stembriewe nie.
- (2) Die voorsittende beampte sal onverwyld;
- (a) die verklaring beoog in subregulasie (1) voorlees aan die persoon wat die stemreg uitoefen of poog om dit uit te oefen; en
 - (b) sodanige persoon versoek om 'n verklaring in ooreenstemming met die vorm ER17 onder eed voor die voorsittende beampte af te lê; en
 - (c) indien hy of sy dit dienstig ag die belang of inhoud van vorm ER16 en ER17 verduidelik.

- (3) Indien die persoon wat sy stemreg uitoefen of poog om dit te doen, die verklaring by subregulasie 2(b) beoog af lê, onmiddellik nadat hy daartoe versoek is om dit te doen ingevolge die genoemde subregulasie, sal die voorsittende beampte daardie persoon toelaat om sy stemreg kragtens hierdie regulasies uit te oefen.
- (4) Indien die persoon wat sy stemreg uitoefen of poog om dit te doen, weier om die verklaring soos bedoel by subregulasie (2)(b) af te lê, onmiddellik nadat hy daartoe versoek is kragtens die genoemde subregulasie, sal die voorsittende beampte die uitreiking van enige stembrief aan sodanige persoon verbied of, indien 'n stembrief of -briewe reeds uitgereik is aan daardie persoon, maar nog nie verwyder is soos by regulasie 56(1)(d) voorgeskryf nie, beslag lê op daardie stembrief of -briewe, dit kanselleer en die rede vir die kansellering daarop asook op die teenblad aanbring.
- (5) Die voorsittende beampte sal alle verklarings soos beoog by subregulasies (1) en (3) asook alle stembriewe waarop in terme van subregulasie (4) beslag gelê en gekanselleer is, opsy sit in koevert ER18.
- (6) Die voorsittende beampte sal enige eed wat in hierdie regulasie beoog word, afneem.

Bedorwe Stembriewe

- 60 (1) Indien enige kieser 'n stembrief bederf, mag hy of sy dit aan die voorsittende beampte terugbesorg, wat, mits hy of sy tevrede is dat daardie stembrief per abuis bederf is, 'n nuwe stembrief aan daardie kieser sal uitreik.
- (2) Die voorsittende beampte sal, as hy of sy 'n nuwe stembrief uitreik;
- (a) die bedorwe stembrief kanselleer en;
- (i) op die toepaslike kieserslys teenoor die naam van die kieser aandui dat daardie stembrief gekanselleer is en 'n nuwe stembrief uitgereik is; en
- (ii) op die bedorwe stembrief die nommer aanbring van die nuwe stembrief se teenblad op die volgende wyse;

"kyk nuwe teenblad No."

en

- (b) die bedorwe stembrief opsysit in koevert ER18.

HOOFSTUK 11

AFSLUITING VAN STEMMERY EN DIE OPMAAK EN AFLEWERING VAN VERKIESINGSMATERIAAL

Afsluiting van Stemmerij

- 61 (1) Die voorsittende beampte sal toesien dat;
- (a) die deure van die stemburo gesluit is op die tydslip waarop die stemmerij veronderstel is om te sluit, behalwe en uitgesonderd vir daardie persone wat teen sluitingstyd in die binne-omtrek van 'n stemgebied soos bedoel by regulasie 41(1)(b) is; en
- (b) geen persoon na die sluitingstyd in die stemburo toegelaat word nie, behalwe en uitgesonderd daardie persone wat teen die sluitingstyd in die binne-omtrek van die stemgebied soos bedoel in regulasie 41(1)(b) is.
- (2) Die voorsittende beampte sal elke persoon wat teen sluitingstyd in sodanige binne-omtrek is en wat geregtig is om te stem, toelaat om sy stemreg uit te oefen.

Opmaak van Verkiezingsmateriaal

- 62 (1) Die voorsittende beampte sal, onmiddellik nadat elke persoon soos bedoel by regulasie 61(2), sy stemreg uitgeoefen het en in die teenwoordigheid van die persone teenwoordig in die stemlokaal;
- (a) die opening in elke stembus toemaak;
- (b) elke sodanige opening met sy amptelike seël verseël;

- (c) enige sluittoestel verseël of enige sleutel aan die bus vasheg en op so 'n wyse verseël, dat dit nie gebruik kan word sonder om daardie seël te breek nie;
 - (d) kandidate of agente toelaat om 'n seël aan enige sodanige opening aan te bring indien so verkies;
 - (e) die toepaslike vorm ER20 voltooi en verseël;
 - (f) die teenblaai van die gebruikte stembriewe van die ongebruikte stembriewe en hul teenblaai skei en vir hierdie doel enige deelsgebruikte stembriefboeke in twee verdeel.
- (2) Die voorsittende beampte sal daarna, in die teenwoordigheid van die persone teenwoordig in die stemlokaal, die materiaal wat in die eerste kolom van die onderstaande Tabel gespesifiseer is, in die toepaslike koevert soos gespesifiseer in die tweede kolom van genoemde Tabel plaas en elke koevert toeplak, vasheg of andersins hanteer sodat dit veilig toegemaak is:

TABEL

MATERIAAL		KOEVERT
(a)	Vorms ER6 en ER9	ER7
(b)	Vorms ER15, ER16 en ER17 plus stembriewe waarop beslag gelê is, bedorwe en gekanselleerde stembriewe	ER18
(c)	Ongebruikte stembriewe en teenblaai	ER19
(d)	Teenblaai van gebruikte stembriewe	
(e)	Gemerkte kopieë van die kieserslys	
(f)	Vorm ER20	ER21
(g)	Instrumente vir die merk van stembriewe met die amptelike merk	ER25

- (3) Die voorsittende beampte sal daarna, in teenwoordigheid van die persone wat in die stemburo aanwesig is;
 - (a) die koeverte ER7, toepaslike koeverte ER18, ER19, ER21 en ER25, met sy amptelike seël verseël en die kandidate of agente elkeen toelaat om ook 'n seël daarop aan te bring indien so verkies;
 - (b) koeverte ER21 en ER25 afsonderlik behou;
 - (c) koeverte ER7, toepaslike koeverte ER18, ER19, in 'n enkele sak of houer wat vir hierdie doel voorsien is, insluit, etiket ER23 daarop aanbring en sodanige enkele sak of houer met sy amptelike seël verseël kandidate of kandidaatsagente toelaat om elkeen ook 'n seël daarop aan te bring indien so verkies; en
 - (d) daarna sy amptelike seël in toepaslike koevert ER24 insluit, die flap van sodanige koevert toeplak sodat dit stewig toe is en daarna sodanige koevert teken.
- (4) Die voorsittende beampte sal alle oorblywende ongebruikte skryfbehoeftes, vorms, sny-instrumente, seëllak en soortgelyke verkiesingsmateriaal veilig plaas in die enkele karton of houer wat vir hierdie doel voorsien is en etiket ER22 daaraan vasheg.
- (5) By die verkiesing vir 'n metropolitaanse oorgangsraad en 'n metropolitaanse oorgangsubstruktuur sal die voorsittende beampte die bepalings van regulasie 51(1),(2),(3) en (4) afsonderlik, en, indien van toepassing, opeenvolgend ten opsigte van sodanige substruktuur en raad toepas.

Aflewering van Verkiesingsmateriaal aan Stembeampte

- 63 (1) Die voorsittende beampte sal, onmiddellik nadat voldoen is aan die bepalings van regulasie 62, alle stembusse en materiaal wat by ER21, ER22, ER23, ER24 en ER25, ingesluit is, uit die stemburo verwyder en dit vergesel tot in die hande van die kiesbeampte of adjunkkiesbeampte op die plek daarvoor ingevolge regulasie 39(b) bepaal.

- (2) Die voorsittende beampte sal sonder om afbreuk te doen aan sy of haar verpligtinge in terme van subregulasie (1), daardie kandidate en agente wat onmiddelik teenwoordig en gereed is, toelaat om hom of haar na die plek soos by regulasie 39(b) bepaal, te volg.
- 3 Die kiesbeampte of adjunkkiesbeampte sal vanaf die tydstop waarop stemburo's moet sluit by die plek in terme van regulasie 39(b) bepaal, teenwoordig wees en sal 'n kwitansie aan die voorsittende beampte vir die verkiesingsmateriaal bedoel by subregulasie (1) insluitend 'n verklaring van die nommers of simbole van stembusse in terme van regulasie 37(2)(e), oorhandig, welke kwitansie deur beide beamptes met die kwitansie in terme van regulasie 40(2) uitgereik vergelyk moet word en enige verskil deur beide beamptes daarop aangeteken en onderteken word.

HOOFSTUK 12

TEL VAN STEMME EN AANKONDIGING VAN UITSLAE

Beheer van Plek vir die Tel van Stemme

- 64 (1) (a) Die kiesbeampte is in beheer van die plek waar stemme getel word en sal daardie stappe neem en daardie opdragte aan persone teenwoordig, gee as wat nodig is vir die behoorlike hantering van die telling.
- (b) Die kiesbeampte sal gemagtig wees om alle persone behalwe diegene by subregulasie (2) bedoel van die plek vir die tel van stemme, uit te sluit of te verwyder.
- (c) Onderworpe aan die bepalings van subregulasie (2) sal geen persoon die plek vir die tel van stemme sonder die toestemming van die kiesbeampte binnekom of daarbinne wees nie.
- (d) Die bepalings van hierdie subregulasie sal nie vertolk word as sou dit enige bevoegdhede, pligte en funksies wat aan die kiesbeampte opgedra of voorgeskryf is deur enige ander bepaling van hierdie regulasies, beperk nie.
- (2) Slegs die volgende persone mag teenwoordig wees in die plek waar stemme getel word;